

vrystaat

KUNSTFEES
ARTS FESTIVAL
TSA-BOTJHABA

Feesprogram / Festival Programme

18-22 Julie / July 2017

Kaartjieverkope open 5 Mei 2017 by Computicket / Ticket sales open 5 May 2017 at Computicket.

www.vrystaatkunstfees.co.za
www.vrystaatartsfestival.co.za

Volksblad
NUUS MET
MENING

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA

 UFS
UV

R20



vrystaat

KUNSTFEES ARTS FESTIVAL TSA-BOTJHABA

- 2 Feesboodskappe / *Festival Messages*
8 Openbare & lewende kuns /
Public & Live Art
10 PAP: Publieke Artistieke Projek / *Public Art Project*
Teater / Theatre
18 Drama
27 Komedie / *Comedy*
30 Woordkuns / *Literary Theatre*
31 Musiekteater / *Musical Theatre*
33 Dans / *Dance*
34 Kinderteater / *Children's Theatre*
36 Reza de Wet-jeugfees / *Reza de Wet Youth Festival*
Musiek / Music
38 Klassiek / *Classical*
41 Kontemporêr / *Contemporary*
44 Aasvoëlkub
47 Blêrkas
Planetarium
52 Filmfees / *Film Festival*
Visuele kunste / Visual Arts
56 Vrystaat Literatuurfees /
Vrystaat Literature Festival
60
78 **vrynge**
90 Vrystaat Kuns en Gesondheid /
Free State Arts and Health
92 Pan-African Creative Exchange (PACE)
93 Program vir Innovering
en Kunsvormontwikkeling (PIKO)
Programme for Innovation
in Artform Development (PIAD)
95 Feesinisiatiewe / *Festival Initiatives*
98 Internasionale gaste / *International Visitors*
100 Gemeenskap / *Community*
102 Borge & donateurs / *Sponsors & Donors*
103 VS kunstfeespersoneel / *VS Arts Festival Staff*
104 Dienverskaffers / *Service Providers*
104 Sleutel vir simbole / *Key for Icons*
105 Dagprogram / *Day Program*
110 Feeskaart / *Festival Map*

Program/Programme

Samestelling/Compilation: Adriaan Meyer

Taalversorging/Language editing: Elretha Britz, Anné Guillaume-Combrink, Kesa Molotsane

Setwerk en bladuitleg/Type-setting and page lay-out: Silverrocket Creative

Veilige parkering op die UV-kampus

Hekgeld: R35 per kar per dag (jy kan soveel keer in- en uitgaan as wat jy wil).

R85 per kar vir die week.

Kaartjies kan vooraf by Computicket gekoop word, of by die hek.

Ten bate van die PIKO-projek.

Safe parking on the UFS Campus

R35 per car per day at the entrance gate (you may leave and return as often as you like).

R85 per car per week.

Buy tickets at Computicket or at the gate.

In aid of the PIAD Project.

Prof. Petersen

Vise-kanselier en rektor: Universiteit van die Vrystaat

Vice chancelor and rector: University of the Free State

Motlaza mokhanselara le reketoro: Univesithing ya Freisitata



Dit is vir my 'n eer om u by die Universiteit van die Vrystaat (UV) se Bloemfontein-kampus te verwelkom! Net soos die kampus en fees vanjaar vir sommige van u 'n nuwe ervaring is, net so is dit vir my ook 'n nuwe ervaring.

Ek het baie van die Vrystaat Kunstfees gehoor en daarna uitgesien om dit self teervaar. Vir my lê die betekenis van die fees nie net daarom om die vele aanbiedinge te beleef en te geniet nie. Dit lê ook daarin dat almal welkom moet voel en 'n gevoel van samehorigheid onder feesgangers moet heers sodat die fees een van die topfeeste in die land sal bly.

My grootste doel by Kovsies is om 'n verskil te maak – of dit nou kompleks of eenvoudig is. Die geleentheid om oplossings te kan bied en om mense saam met jou te neem terwyl die oplossings ontwikkel word, is iets wat my dryf.

Ek is trots op die fisiese omgewing wat die kampus aan feesgangers bied en beoog om saam met my bestuurspan toe te sien dat die ruimtes nog meer verwelkomend vir ons studente en besoekers sal wees.

Baie geluk aan dr. Ricardo Peach en sy span wat dit weer vanjaar reggekry het om verskeie taal- en kultuurgroeppe op 'n plaaslike, nasionale en internasionalevlak te betrek. Ek is veral opgewonde oor die betrokkenheid van individue en groepe uit verskeie Afrika-lande – 'n eerste vir die fees – asook uit Europa, Amerika, Kanada, Engeland, ens. 'n Spesiale dankie ook aan die span UV-personeellede se volgehoue harde werk en verbintenis tot die sukses van die fees.

Ek sien uit daarna om die fees saam met besoekers, personeel en ook studente te geniet. U is welkom om op die kampus rond te stap en te kyk na al die veranderinge wat aangebring is. Verskeie geboue is opgeknap om aan die steeds groeiende behoeftes van personeel en studente te voldoen.

Besoek gerus die Besoekersentrum by die toegangshek in DF Malherbe-rylaan vir inligting oor die kampus. Kyk ook uit vir die stalletjie van KovsieGear, die universiteitswinkel, waar u allerhande Kovsie-handelsware en -klere op die fees kan koop.

Geniet die fees en kom groet as u my tussen die stalletjies of in 'n teater gewaar. Ek sien uit daarna om u te ontmoet en te gesels.

It is an honour to welcome you at the University of the Free State's (UFS) Bloemfontein Campus! Just as the campus and festival is a new experience for some of you this year, it will also be a new experience for me.

I have heard much about the Vrystaat Arts Festival and have been looking forward to experience it for myself. To me, the significance of the festival lies not only in enjoying and experiencing the many presentations on offer. It also lies in the fact that everyone should feel welcome and that there should be a feeling of solidarity among festival-goers so that the festival will remain one of the top festivals in the country.

My main goal at Kovsies is to make a difference – whether complex or simple. The opportunity to offer solutions and to take people with you while these solutions are being developed is something that is driving me.

I am proud of the physical environment the Bloemfontein Campus offers to festival-goers and, with the help of my management team, I intend to make sure that the spaces are made even more welcoming to our students and visitors.

Congratulations to Dr Ricardo Peach and his team who have again this year managed to involve different language and culture groups on local, national, and international level. I am particularly excited about the involvement of individuals and groups from several African countries – a first for the festival – as well as from Europe, America, Canada, England, etc. Also, a special thank you to the team of UFS staff members for your continued hard work and commitment to the success of the festival.

I am looking forward to enjoying the festival with visitors, staff, as well as students. You are welcome to walk around the campus and have a look at all the changes that have been introduced. Several buildings have been renovated to meet the ever growing needs of staff and students.

Feel free to visit the Visitors Centre at the entrance gate in DF Malherbe Drive for information on the campus. Also be on the lookout for the KovsieGear stall, the university shop where you can buy all kinds of Kovsie merchandise and clothing during the festival.

Enjoy the festival and come and say hallo if you spot me between the stalls or in a theatre. I look forward to meeting and talking with you.

Ke motlotlo ho le amohela Campuseng ya Bloemfontein ya Yunivesithi ya Freistata (UFS)! Jwalo ka ha campus le mokete ona e le sebaka le ntho e ntjha ho ba bang ba lona selemong sena se hodimo, le ho nna ho jwalo.

Ke ile ka utlwa ho hongata-ngata ka Vrystaat Arts Festival mme ke lakatsa ho inwesa ka nkgo. Ho nna, moelelo wa mokete ona ha se feelsa ho ithabisia le ho mamela dinehelano tse ngata tse tla fanwa. E boetse ke ntsha ya hore motho e mong le e mong o tshwanetse ho ikutlwia amohelehole, mme ho be le moyo wa bonngwe ho batho ba tileng moketeng, e le hore mokete o dule e le e meng ya mekete e itlhommeng pele naheng ya rona.

Sepheo sa ka se ka sehloohong mona Kovsies ke ho etsa phapang – ho sa natswe hore ke e rarahaneng kapa e bonolo. Monyetla wa ho fana ka ditharollo le ho tsamaisana le batho nakong eo ditharollo tsena di ntshetswang pele ke ntho e ntshusumetsang.

Ke motlotlo ka tikoloho eo Bloemfontein Campus e fanang ka yona ho batho ba tileng moketeng, mme ka thuso ya moifo wa ka wa botsamaisi, ke ikemiseditse ho etsa bonneta ba hore dibaka tsena eba moo baithuti le baeti ba rona ba amohelwang ka mofuthu.

Ke lebohisa Mohlomphehi Ricardo Peach le moifo wa hae hore ebe le selemong sena se hodimo ba boetse ba kgonne ho kenya lethathamog dihlopha tse fapaneng, tsa mehlobo ea lehae, ea naha, le matjhaba a fapananeng. Ke thabiswa ka ho kgetheha ke seabo sa batho ka bomong le dihlopha ho tswa dinaheng tse ngata tsa Afrika – Eleng kgetlo la pele moketeng ona – hammoho le ba tswang Europa, Amerika, Canada, Engelane, le naheng tse ding. Ke boetse ke leboha ka ho kgetheha moifo wa UFS o ikitlaeditseng ho etsa hore mokete ona ebe o atlehileng.

Ke ikemiseditse ho keteka hammoho le baeti, basebetsi ba UFS, le baithuti. Ke le memela ho pota campus ena le bohe diphetoho tsohle tse entsweng. Mehaho e mmalwa e ntjhafaditswe, e le ho fihlela dithoko tse eketsehileng tsa basebetsi le baithuti.

Etelang Setsi sa Kamohelo ya Baeti se fumanehang DF Malherbe Drive bakeng sa tlhahisolededing mabapi le campus ya rona. Ke le memela ho etela lebenkele la KovsieGear, la yunivesithi moo le ka rekang dimpho le diaparo ka mefutafuta tsa Kovsie nakong ya mokete.

Ketekakang hamonate, le itumeleng, mme ke tla thabela ho le dumedis ha ntse re kopana mabenkeleng kapa holong ya boithabiso. Ke tla thabela ho kopana le lona le ho bua le lona.

Annalize Dedekind

Vorsitter van die Vrystaat Kunstefees se bestuurskomitee en Adjunk-redakteur van Volksblad
Chairperson of the Vrystaat Arts Festival management committee and Deputy Editor of Volksblad
 Modula-setulo wa komiti ya boholophisi ya meketjana ya Vrystaat Tsa Botjhaba le motlatsha-mohlophisi wa Volksblad



Huis is waar jou hart is, lui die spreekwoord.

As jou hart in die kunste is, het jy pas tuisgekom. Want die Vrystaat Kunstefees is waar jy hoort. 'n Tuiskoms, soos die tema van vanjaar se fees lui. Die ryke verskeidenheid kuns in al sy vorme wat op vanjaar se kunstefees wag, gaan vir elke kunsteliefhebber inderdaad soos 'n tuiskoms voel.

Die fees bied weer soos in 2016 drie feeste in een – die hooffees, die literatuurfees en die vrynge, met die verskil dat dit vanjaar net groter en beter gaan wees.

Op die hooffees word die eerste keer 'n groot aantal nuwe produksies in ko-produksies met ander feeste aangebied. 'n Debuutproduksie, ook die vlagskiptheaterproduksie van vanjaar se fees, *Gif / Poison / Ityhefu*, wat Afrikaanse, Engelse en Xhosa gehore behoort te trek, is saam met die KKNK en die Woordfees ontwikkel. Altaar word in ko-produksies met die Innibos-fees aangebied. Dit word alles moontlik gemaak met die gewaardeerde ondersteuning van die Nasionale Afrikaanse Teater-inisiatief (NATI).

Ná die suksesvolle nooiensvaart van 2016 spongr die literatuurfees vanjaar met 'n lys internasionale skrywers uit onder meer België, Nederland, Ngerië, Kanada, Roemenië, Iran, Kenia en Zambië benewens die groot name in die Suid-Afrikaanse literêre wêreld wat ook hier gaan wees. Antjie Krog is hierdie jaar se Sol Plaatje-lezing spreker; Ruda Landman gaan diskourse oor aktuele sake lei; hulde word gebring aan afgestorwe skrywers; werkessies en demonstrasies word gehou; en by die ATKV-boek-oase kan jy tuis voel met lekker koffie, kos en 'n boek in die hand.

Die vrynge-plaas is vanjaar baie toegankliker gemaak deurdat dit van die jooplaas na die Pluimbalsaal op die hooffeesterrein op die Kovsie-kampus skuif. Pacofs skaar hom vanjaar by dié inisiatief om opkomende kunstenaars 'n platform te bied. Hou ook die verkeerseiland aan die onderkant van die Rooiplein dop!

Die Publieke Artistieke Projek (PAP), wat verlede jaar op Hertzogplein aangebied is, skuif na Hoffmannplein met meer ruimte en meer voete wat die kunste kan ontdek en geniet. Én

gratis pap en sous! Vrywees gaan feesgangers weer met interessante lewende aanbiedings deur nuweling kunstenaars op die feesterrein verras.

As musiek jou huis laat voel, kan jy vir die eerste keer 'n opera op die Vrystaat Kunstefees geniet. Die suiwer klanke van plaaslike sangtalent van die Odeion Skool vir Musiek, begelei deur die FSSO (Vrystaatse simfonieorkes), gaan met *Cavalleria Rusticana* in die Civic opklink. Dit is maar net 'n proesel van die groot verskeidenheid musiekproduksies wat die sinne gaan streef en die voete laat jeuk.

Bestudeer hierdie gids goed, want jy wil nie te laat agterkom jy het iets misgeloop nie.

Die Vrystaat Kunstefees verwelkom jou huis!

Home is where the heart is, as the saying goes.

If your heart is in the arts, you are home and the Vrystaat Arts Festival is where you belong. The rich diversity of art in all its forms that awaits you at this year's festival, will indeed make every art lover feel as if they have arrived home.

As in 2016, the festival once again offers three festivals in one – the main festival, the Literature Festival and the vrynge. The only difference is that this year is even bigger and better.

*For the first time the main festival hosts a number of new productions in collaboration with other festivals. The debut flagship production, *Gif / Poison / Ityhefu*, was developed in partnership with the KKNK and Woordfees. Altaar, another debut, is presented as a co-production with Innibos. This has all been made possible with the support of the National Afrikaans Theatre Initiative (NATI).*

After its successful maiden voyage in 2016 the Literature Festival boasts a list of international writers from amongst others Belgium, Netherlands, Canada, Romania, Iran, Kenya and Zambia. In addition to other big names of the South African literary world, Antjie Krog will deliver the Sol Plaatje Lecture; Ruda Landman will lead discourses on current events; homage is paid to writers that have passed on; workshops and demonstrations will be held; and at the ATKV-book oasis you will feel at home with delicious coffee, food and books.

The vrynge farm is now much more accessible at the Badminton Hall on the main festival premises on Kovsie campus. This year Pacofs has placed its support behind this initiative to create a platform for upcoming artists. Remember to keep an eye on the traffic circle below the Red Square!

Public Art Project (PAP) moves to Hoffman Square which allows more pedestrians to discover and enjoy the arts - with free pap and sous! Vrywees will again surprise festivalgoers with interesting live performances by upcoming artists on the festival premises.

If music makes you feel at home, you can enjoy the first opera presented by the Vrystaat Arts Festival. Cavalleria Rusticana staged in the Civic together with local singers from the Odeion School of Music, accompanied by the FSSO (Free State Symphonic Orchestra) will set a new artistic standard. This is only one of a number of world class musical productions that will soothe the senses and get feet tapping.

Study this guide well, otherwise you will miss out on some great shows.

The Vrystaat Arts Festival welcomes you home!

Hona le manswe areng; hae ke moo pelo eleng teng.

Haeba bonono ke ntho e pelong ya hao, o se o fihlile hae. Hobane mokete wa Foreisitata wa bonono ke moo o tshwanetseng hoba teng. "Hotla hae" (Homecoming) ke sehlolloho se tla sebediswa moketeng wa selemong sena. Mefuta e mengata ya bonono ka ho fapafapanwa e emetswe moketeng wa selemo sena, ebole e tla etsa morati emong le emong wa bonono a ikutwe a amohetswe.

Mokete ona, jwalo ka ka 2016, o boetse o tlisa meketjana e meraro ka hare ha ona – mokete o moholoholo, mokete wa dingolwa le Vrynge, phapang fela ke hore mokete ona o tlabe o le moholo ebole o le bobewe.

Mokete o moholoholo o tlabe o qala ho bapatswa diketsahalo tse tharo tse ntjha ka kopanelo le meketjana e meng. Moketjana o tlabe o le motjha ebole e le wa bohlokwa moketeng wa selemo sena, *Gif / Poison / Ityhefu*, o tla hohela babohi ba makgowa, manyesemanle le ba maXhosa, e qaduwe ka kopanelo le KKNP le Woordfees. Altaar e bapatswa ka kopanelo ya tlahiso le moketjana wa Innibos. Sena se tla etsahala ka

baka la tshehetso e amohetsweng haholo hotswa National Afrikaans Theatre Initiative (NATI).

Ka morao ha leeto le atlehileng la 2016, mokete wa dingolwa o phahamisa bangodi ba tswang dinaheng tse kantle ba tswang bo Belgium, Nederelane, Canada, Romania, Iran, Kenya le Zambia, ntle le mabito a tsabahalang a Aforika Borwa a dingolwa a tlabceng a le teng. Antjie Krog o tla tshetleha padi ya Sol Plaatjie; Ruda Landman o tla etella-pele dipuo ka diketsahalo tsa ha jwale; tlota e tla fuwa bangodi ba seng ba ile boy-a-batho; dithupello le dipontsho di tla phethahatswa; hape o ikutwa o amohetswe ka kofi e monate mane ATKV-boek oasis, dijo le buka ka hare ka letsoho la hao.

Vrynge e se e tla fihlellwa ha bonolo selemong sena ka lebaka la ho tlosiwa mane polasing ya unibesithi ho iswa holong ya Badminton moketeng o moholoholo sebakeng sa kampase ya Kovsies. Selemong sena Pacofs e beile tshehetso ya bona bohatong bona ho da titaki tse ntjha sebaka sa ho bapatswa mesebetsi ya bona. Hopola ho beya leihlo sephethaphetheng se tlabceng se le teng mane Red Square!

Public Art Project (PAP), e ileng ya bapatswa mane Hertzog Square selemong se fitileng, e tla fallela Hoffman Square selemong sena sa 2017 bakeng sa sebaka se seholwanyana le hore ditaso di ka boela tsa sibolla le ho nafetelwa ke bonono. Le papa ka moro ya mahala! Vrywees e tla boela e makatsa batsamai ba mokete ka ditshebetso tse phethahatswang ke ditaki tse nyanyana hona moo dibakeng tsa mokete.

Haeba mmno o o etsa hore o ikutwe o amohetswe, o kannna wa tlo nafetelwa ke mmno wa dinoto mane Moketeng wa Foreisitata wa bonono lekgetlo la pele. Dinoto tsa mantla tsa talenta ya ho bina hotswa mane Sekolong sa Mmino sa Odeion, ba feleheditswe ka FSSO (Free State Symphonic Orchestra), ba tla tlatsa lerata hotswa Civic le Cavalleria Rusticana. Tsena ke mohlalanyana fela wa mefuta ya ditlhahiso tsa mmno tse tla thoba maikutlo a hao ebole di tla o etsa hore o tlanyatse maot a hao.

O bale tataiso ena hantle, hore o seke wa fumana hona le ntho e o fitileng nako e se ile.

Dr. Ricardo Peach

Direkteur van die Vrystaat Kunstfees

Director of the Vrystaat Arts Festival

Motsamaisi wa mokete wa Vrystaat Tsa Botjhaba



Die 2017 Vrystaat Kunstfees smee steeds nuwe kreatiewe bande tussen plaaslike, nasionale en internasionale kunspraktisyens. Hierdie jaar het ons samewerkers, skrywers en medevervaardigers van so ver as Argentinië, Australië, België, Kanada, Iran, Italië, Nederland, Nigrië, Romenië, Brittanje en Amerika.

Vir die eerste keer het ons ook kunstenaars van ons buurlande Botswana, Lesotho, Namibië, Zambië en Zimbabwe as deel van ons eerste Pan-African Creative Exchange (PACE) Voorsmaak. Hierdie inisiatief sal aanhou groei namate ons gaste besef watter enorme skat van kreatiewe talent ons vasteland bied.

Ons is bevoorreg om verskeie Eerstenasie-aktiviste van oor die wêreld heen te hê wat help om protokol vir die fees te ontwikkel, wat skakel met die hedendaagse KhoiSan-kultuur. Van die Eerstenasie-werk sal plaasvind rondom *Giidanyaba (Sky Beings)* by Oliwenhuis, geskep deur Tyrone Sheather, 'n jong Gumbaynggirr-kunstenaar van die noord-kus van Nieu-Suid-Wallis.

In 2017 bied ons ook Suid-Afrika se eerste Kuns en Gesondheid-program in vennootskap met DADAA (Disability in the Arts, Disadvantage in the Arts) in Wes-Australië en die Universiteit van die Vrystaat aan. Dié lewensveranderende aspek van Gemeenskapskuns en Kulturele Ontwikkeling gaan oor die volgende paar jaar 'n belangrike impak op ons land hê.

Die vrynge, wat vanjaar die tweede keer aangebied word, is reeds 'n noodsaaklike platform waarvan nuwelinge tot gesoute kunstenaars (nasional en internasional) hul kreatiewe talent kan vind en uitstal. Dit is die plek om te wees as jy 'n blik op die toekoms wil kry.

Uitsonderlike openbare en plek-spesifieke kuns in die Program vir Innovering en Kunstvermuntwikkeling (PIKO), Publieke Artistiese Projek (PAP) en Vrywees sal feesgangers en stedelinge se asem weglaan. Kyk veral uit vir *Onesie World* wat Dr. Adele Varcoe saam met plaaslike modeontwerpers en musikante aanbied. Dit beloof om 'n unieke geskiedkundige geleentheid te wees.

Omgewingsherlewning en post-natuurlike bouwerk maak deel uit van nog 'n hoofprojek van die fees, *Seven Stage Futures*, deur Dr. Keith Armstrong, Qala Phelang Thala en plaaslike kunstenaars. Verskeie aktiwiteite gaan om Mangaung plaasvind waar almal welkom is.

Die Vrystaat Literatuurfees het in een jaar ontluik as 'n juweel vir skrywers in Suid-Afrika. In 2017 word die aanbod uitgebrei met ongelooflike kleurryke skeppendes van die uithoek van die wêreld.

Te danke aan die Nasionale Teaterinisiatief (NATI), is ons ook nou 'n belangrike mede-vervaardiger van nuwe teater in vennootskap met ander groot feeste in die land. Kyk uit vir die vlagskip-produksies *Gif/Poison /Ityhefu* met regie deur Erwin Maas en Atandwa Kani en Tinarie Van Wyk Loots in die rolverdeling, asook Altaar deur Nico Scheepers en Hennie van Greunen.

Van drama tot komedie, boeke, klassieke musiek, Boeremusiek en jazz, interaktiewe mediakuns, gemeenskaps-betrokkenheid, fynproswerkos, handwerk en lewende kuns... 2017 se feesaanbod troef alle voriges in Suid-Afrika.

Maak seker jy loop nie een van die programme mis nie!

The 2017 Vrystaat Arts Festival continues to forge creative connections between local, national and international practitioners. This year we have collaborators, writers and co-producers from as far away as Argentina, Australia, Belgium, Canada, France, Iran, Italy, the Netherlands, Nigeria, Romania, the UK and the US.

For the first time we also have artists from near neighbours Botswana, Lesotho, Namibia, Zambia and Zimbabwe as part of our first Pan-African Creative Exchange (PACE) teaser. This initiative will only grow as those visiting South Africa realise the enormous creative talents on our continent.

We are privileged to have several First Nation activists from around the world helping to develop protocols for the festival, linked to contemporary KhoiSan cultures. Some of this First Nation work will happen around Giidanyaba (Sky Beings) at Oliwenhuis, created by Tyrone Sheather, a young Gumbaynggirr artist from the mid-north coast of New South Wales.

In 2017 we also launch South Africa's first Arts and Health Programme in partnership with DADAA (Disability in the Arts, Disadvantage in the Arts) in Western Australia and the University of the Free State. This game changer for Community Arts and Cultural Development (CACD) and health will impact significantly on our country over the next few years.

Only in its second year, the vrynge has grown into an essential platform for artists from all levels of practice to explore their creative talent. From newcomers to professionals testing work in progress (both national and international), this is the place to be if you want a taste of the future.

Extraordinary public and site specific art through the Programme for Innovation in Artform Development (PIAD), Public Art Project (PAP) and Vrywees, will leave both festival-goers and city dwellers breathless. Watch out for Onesie World

by Dr Adele Varcoe in partnership with local fashion designers and musicians. You don't want to miss out on wearing a once in a lifetime piece of history!

Environmental regeneration and post-natural building forms part of another key festival project, Seven Stage Futures, with Dr Keith Armstrong, Qala Phelang Thala and local change agents. Several events will take place around Mangaung to which you are all invited.

The Vrystaat Literature Festival, in one year, has turned into one of the jewels for writers in South Africa. 2017 sees an expanded offering bringing incredibly vibrant creatives to our city from all corners of the world.

Thanks to the National Theatre Initiative (NATI) we are also now a significant co-producer of new theatre, in partnership with other major festivals. Look out for our flagship productions Gif / Poison /Ityhefu, directed by Erwin Maas with Tinarie Van Wyk Loots and Atandwa Kani, and Altaar by Nico Scheepers and Hennie van Greunen.

From drama to comedy, books, classical music, Boeremusiek and jazz, interactive media art, community engagement, gourmet food, craft and Live Art... the 2017 festival provides an offering that has never before been seen in South Africa.

Do not miss out on any of these

Mokete wa Tsa Botjhaba wa 2017 o tswela pele ka ho qopitsa dikamahono tsa boqapi bo hlafilifeng pakeng tsa bataki ba hae, ba naha le dinaha tse ding tse kantle. Lemong sena rena le bakopanyi, bangodi le baqapi-mmoho hotswa bohole ba fihi bo Australia, Belgium, Canada, For a, Iran, Italy, Nederelane, Nigeria, Romania, UK le US.

Ke sa pele re ba le ditaki tse tswang dinaheng tsa baahisane Botswana, Lesotho, Namibia, Zambia le Zimbabwe jwaloka tse ding tsa Pan-African Creative Exchange (PACE) ya rona. Lean oleo le tla hola fela ha baeti ba Afrika Borwa b aka lemoha talente e kgaphatsehang e fumanwang kontinenteng ya rona.

Re lehlohonolo fu manna ditho tsa First Nation (Dinaha tsa pele) hotswa dibakeng tse fapaneng lefatsheng, ba thusa ka ho qala melawana ya mokete, e kopantsweng le setso sa masarwa.

E meng ya mesebetsi ya First Nation e tla etsahala bitsong la *Giidanyaba* (Dibopuwa tsa sepakapakeng) mane Oliwenhuis, di qapuwe ke Tyrone Sheather, emong wa ditaki tse nyane tsa Gumbaynggirr hotswa bohareng bo bokone haufi le lebopo la New South Wales.

Ka 2017 re boela re qala-semmuso lenaneo la pele Afrika Borwa la bonono bo kopaneng le tsa bophelo bo bottle ka tshebedisano-mmoho le DADAA (Disability in the Arts,

Disadvantage in the Arts) mane Bophirima ba Australia le Unibesithing ya Foreisitata. Leano lena le tla fetolang maemo a Community Arts and Cultural Development (CACD) le bophelo bo bottle di tla tisa diphetohlo tse ntle naheng ya rona dilemong tse tlang.

Selemong sa bobedi, ke hone Vryne e holing hore ebe maemong ao eleng hore ditaki tsa maemo a sa lekaneng di ka tlo batpatsa le ho ithutha haholvanyana ka talenta tsa bona tse kgethehileng. Hotswa ho ba batjha hoya ho ditsebi, mesebetsi yohle e tla tlo beva tekong (hotswa ka hare ha naha le hotswela dinaheng tse ding), ke sona sebaka seo o tshwanetseng o be ho sona haeba o batla ho latswa bokamoso.

Setjhaba se sa tlwaelhang le bonono bo fumanwang dibakeng tse kgethehileng ka baka la Programme for Innovation in Artform Development (PIAD), Public Art Project (PAP) le Vrywees di tla siya baeti ba mokete le baahi ba motse-moholo ba maketse. Le shebang le Onesie World ya Dr Adele Varcoe ka kopanelo le baroki le dibini ba hona hae mona. Ha o na o be o lakatsa ho fetwa ke monyeta wa ho tena sekotwana sa histori.

Ntjhafatosya tikoloho le meaho eo e neng e le ya tlhaho di wela tlasa sehlooho se seng sa projeke ya mokete eleng *Seven Stage Futures*, le Dr Keith Armstrong, Qala Phelang Thala le mahlahana a photeho a selehao. E meng ya meketjana e tla etsahala dibakenyaneng tse ding hona Mangaung mme o a mengwa ho yona yohle.

Vrystaat Literature Festival (Mokete wa dingolwang wa Foreisitata), selemong se le seng, o fetohile hoba lehakte la bangodi ka hare ho Afrika Borwa. 2017 e bona katoloso ya nyehelo e tla tlisang diqatjwa tse kgethehileng ka hare ho motsemoholo wa rona hotswa lefatsheng ka bophara.

Re lebohela National Theatre Initiate (NATI), le rona re ba bang ba baqapi-mmoho ba lebala la diketsahalo mmoho le mekete e meng e meholo. Le shebelle ketsahalo ya bohlokwa ya Gif/Poisen/Ityhefu e ileng ya laelwa ke Erwin Maas mmoho le Tinarie van Wyk Loots le Atandwa Kani, le ya Altaar ka Nico Scheepers le Hennie van Greunen.

Hotswa dintshwantshisong hoya diqaboding, dibukeng, mminong wa kgale, mmino wa makgowa le Jazz, bonono ba metjha ya ditaba e letlang, ho nna le seabe hwa setjhaba, ditsebi tsa dijo tse monate, botaki ba mefuta le bonono bo bonahalang, mokete wa 2017 o fana ka nyehelo e sokang e bonwa Afrika Borwa.

O sekebe wa fetwa ke le haele engwe ya tse lenaneo-tsamaisoong!

Dr. Willy Nel

Feesadviseur oor Eerstensies-sake

Festival advisor on First Nations issues

Moeletsi wa mokete ditabeng tsa Ditjhaba tsa Pele (First Nations)



Partykeer moet 'n mens terugstaan om perspektief en waardering te kry vir dit wat baie naby is. Dalk is dit wat die Australiese Aboriginese met hul kuns wil oordra, hoe hul landskap uit die lug lyk.

Die pogings van die Vrystaat Kunstefees om die San op verskillende maniere as Eerstensies van Suider-Afrika te erken, het waarlik skerp in fokus gekom toe ek die voorreg gehad het om Australië met die ondersteuning van PIAD en die Andrew Mellon Foundation te besoek.

Die geleentheid wat ons steeds het om stories en ander kreatiewe uitbeeldings deur die San te sien moet nie as vanselfsprekend aanvaar word nie. Byvoorbeeld, hierdie stories het so 'n ingeburgerde egtheid dat dit bygedra het tot die afbakening van grond in die Kalahari op 'n manier wat moderne tegnologie slegs kon bevestig. Dit is juis vanweë die egtheid van hul stories dat Aboriginese kuns die verbeelding aangegryp het tot die mate dat dit vandag 'n bloeiende bedryf is. In Suid-Afrika het ons nog nie eens 'n fraksie ontdek van die voordele wat 'n kunsbedryf vir San-afstammelinge kan inhoud nie.

Daarom nooi ek die lezers na die uitstalling van die Gumbaynggirr-nasie kunstenaar Tyrone Sheather asook my en Angelo Mockie se produksie *Nouroevas*. In albei uitbeeldings is stories wat nie maklik bekombaar was nie. Hierdie stories het om talle redes 'n verbode dimensie, maar dit is eg en word vertel deur dié wat dit respekteer. Teen die agtergrond van die beroep op dekolonisasie in hoër onderwys verskaf *Nouroevas* 'n komplekse geskiedkundige verhaal oor kolonisasie, maar met die hulp van Eerstensie-afstammelinge.

Mag u hierdie jaar se Vrystaat Kunstefees soveel geniet soos vorige jare.

Sometimes it takes a little distance to provide perspective and to increase appreciation for what is very close. Maybe that is what Indigenous Australian art succinctly communicates, with its close resemblance of what country looks like from the sky.

The attempts by the Vrystaat Arts Festival to acknowledge in a number of ways the San as First Nations of Southern Africa really came into sharp focus when I was privileged to visit Australia with the support of PIAD and the Andrew Mellon Foundation.

The opportunity to witness the stories and other creative expressions by the San is not to be taken for granted. For example, these stories have such ingrained authenticity that it assisted in demarcating land in the Kalahari in a way that modern technology could only confirm. It is exactly due to the authenticity of their stories that Aboriginal art came to the public imagination in a manner that today is a booming industry. In South Africa we have not even uncovered a fraction of what can become an arts industry with profound influence on the lives of San-descendent people.

*Therefore, I invite the readers to attend the exhibition by Gumbaynggirr artist, Tyrone Sheather and also look at the production, *Nouroevas*, by Angelo Mockie and myself. In both artistic expressions you will find stories that were not easy to come by. These stories have a forbidden dimension to them for many reasons, but they are authentic and are told by those who respect them. Against the backdrop of the current Higher Education call for decolonisation, *Nouroevas* provides a complex historical narrative of colonialism, but with complicity by First Nations descendants.*

May you enjoy this instalment of the Vrystaat Arts Festival as much as you did the previous years.

Ka nako enngwe ho batlahala tsela e telele hore hobe le moelelo le ho amohela ntho e seng e batla e le haufi. Mohlomong ke seo setshwantsho sa baahi a Australia, se senang manswae a thhaloso, se halosang ka papiso e atametseng ya hore naaha ya bona e bonahala e le jwang hotswa lefaufaung.

Diteko tsa Mokete wa Tsa Botjhaba tsa ho dumela hore masarwa a hola ka tsela e kgethehileng jwalo ka Dinaha Tsa Pele (First Nations) tsa borwa ba Aforika (Southern Africa) di bile tlasa thokomelo ha ke ne ke ba lehlohonolo la ho ka etela Australia ka tshehetso ya PIAD le Andrew Mellon Foundation.

Monyeta o re ntseng rena le ona hore re ka paka dipale le dipolelwana tse ntja tlahisong tsa masarwa ha wa tshwanela ho nkiwang ha bobewe. Mohlala, dipale tsena di tletse ka bonnate botibileng bo tshehedseng karolo ya naaha mane Kalahari ka mokgwa oo tegniki ya sejwale-jwale e tlabant yone fela e tla netefatsang hoo. Ke ka bonnate ba dipale tsena fela bonono ba batho ba hlhang Australia bo hlahisitsweng setjhabeteng jwalo ka ha re ntse re bona ho etsahala haholo matsatsing a hona jwale. Aforika Borwa mona ha re so phuthulle le karolwana ya hore na indasteri ya bonono e ka boela e ba jwang ka baka la tshutshumetso e tibileng ya maphelo a batho ba masarwa.

Ka lebaka leo, ke mema babadi ho ba teng pontshong ya ditaki tsa batho batswang Australia (Gumbaynggirr artist), Tyrone Sheather le ho shebella tlahiso, *Nouroevas*, ka Angelo Mockie le nna. Ka dipolelwana tseo tsa bonono o tla furuma dipale tse neng di se bobewe hore re di fitlhelle. Dipale tsena di ne di na le ntlha tsa bohanyetsi bo tibileng ka baka la mabaka a fapafapaneng a mangata, fela di a tshephala ebile di bolelwaa ke batho ba hlomphang mabaka ao a tsona. Kgahlano le bookamedi ba ha jwale ba thuto e phahameng (Higher Education) bo ipiletsa ho ikemela, *Nouroevas* e fana ka tlaleho e rarahaneng ya histori ya boikemedi ba naaha empa ka kopanelo ya bothokotseba ba ditho tsa Dinaha Tsa Pele (First Nations).

O mpe o natefelwe ke tefello eo Mokete wa Tsa Botjhaba e e etsang haholo fela jwalo ka ha o ile wa natefelwa ka teng dilemong tse fitileng.

Khoe-san Pecked Engravings, Wildebeestkuil, Platfontein



Hoof ondersteuners Main supporters



Esmaré Weideman Uitvoerende Hoof: Media24 / Chief Executive: Media24

Drama, komedie, musiekteater, visuele kuns, dansteater en vermaak vir die kinders. Hierdie is maar 'n paar van die hoogtepunte waarna feesgangers elke jaar op die Vrystaat Kunstefees kan uitsien, en vanjaar is geen uitsondering nie.

Media24 is 'n trotse ondersteuner van die Vrystaat se grootste kunstefees, 'n hoogtepunt op die plaaslike kuns- en vermaakkalender. Ek is seker dat vanjaar se makietie selfs groter en beter as voorheen sal wees! Die fees het al 'n keer of wat van baadjie verander, maar een ding is seker: dit bied jaar na jaar vermaak uit die boonste rakke, en stel voortdurend nuwe talent aan gehore voor. As uitgewer van Suid-Afrika se mees geliefde Afrikaanse handelsmerke – van *Volksblad*, die oudste Afrikaanse dagblad in Suid-Afrika, en *Die Burger* en *Huisgenoot* wat ook albei oor die 100 is, tot hul jonger boeties *Netwerk24* en *VIA* – lê hierdie fees van Afrikaans in al sy vorme ons beslis na aan die hart.

Bly op hoogte van alles by die fees met die feeskourant *Stronk* wat daagliks deur die knap span by *Volksblad* uitgegee word.

Namens Media24, welkom in die Rosestad. Geniet die fees, kry sielskos, kuier lekker met die Vrystaat se mense, en maak sommer nou al 'n afspraak om volgende jaar terug te kom!

Drama, comedy, musical theatre, visual arts, dance theatre, and entertainment for the kids. These are just a few of the highlights which festival goers can look forward to at the Vrystaat Arts Festival every year. This year is no exception.

Media24 is a proud supporter of the Free State's largest arts festival, a highlight on the local arts and entertainment calendar. I am sure that this year's celebration will be even bigger and better than before! The festival has changed its appearance once or twice, but one thing is for sure: it offers entertainment of the highest order time and time again, and continues to introduce new talent to its audiences. As publisher of some of South Africa's most beloved Afrikaans brands – from Volksblad, the oldest Afrikaans daily newspaper in South Africa, and Die Burger and Huisgenoot, also both over the 100 year mark, to their younger siblings, Netwerk24 and VIA – this festival of Afrikaans in all of its forms is certainly close to our hearts.

Stay up to date with everything at the festival with the festival newspaper, Stronk, which is released by the team at Volksblad on a daily basis.

On behalf of Media24, welcome to the City of Roses. Enjoy the festival, feed your soul, have a great time with the people of the Free State, and while you're at it, save the date for next year already!

Gert Coetzee Volksblad Redakteur / Volksblad Editor

"En dikwels is die groot kuns die eerste aanduiding van groei en verandering in die gemeenskap waarvan die mense nog nie bewus is nie."

Dié aanhaling uit *Berigte te velde* (in 1939) geld steeds vir die Vrystaat Kunstefees wat die kunste in Afrikaans én oor grense heen aanbied.

Die sewentiende Vrystaat Kunstefees (voorheen Volksblad-kunstefees; toe Vryfees) van 18 tot 22 Julie vanjaar is weer 'n viering van kuns van gehalte en verskeidenheid oor genres en media heen. Dit behou én verken; voed op en eksperimenteer; stimuleer die sinne én vermaak, en stig aan en bring byeen. Die feestema "Tuiskoms" beaam dit.

Ingevolge sy jaarlikse ondersteuning tree *Volksblad* in 2017 graag weer op as ampelike mediaborg van dié kunstefees waar deur die kunste – en Vrystaatse welwillendheid en gasvryheid – uitgereik en bemagtig word. Danksy die vryngfees, het die fees 'n dinamiese, opwindende groefase met 'n wye fokus betree.

Media24 het vanjaar ook 'n feeskafee waar sy Afrikaanse titels (koerante, tydskrifte, webplatforms en TV) saamspan om vir leser 'n kuierplek te skep.

Dankie aan die Universiteit van die Vrystaat en die Vrystaat Kunstefees vir die welwillende samewerking wat vanjaar se fees weer 'n groot treffer gaan maak.

"Often great art is the first indication of growth and change in society, of which people may not yet be aware." This quote from Berigte te velde (in 1939) applies to the Vrystaat Arts Festival where the arts are presented in Afrikaans and across borders.

The seventeenth Vrystaat Arts Festival (founded as the Volksblad Arts Festival) from 18 to 22 July celebrates excellence and variety in arts across genres and media. It preserves and explores; educates and experiments; stimulates the senses and entertains, stirs and unites. The theme "Homecoming" confirms this.

In terms of its annual support Volksblad in 2017 act as the official media sponsor of the festival, where through the arts – and Free State goodwill and hospitality – we empower our communities. Through the vryngfees, the arts festival has entered a dynamic, exciting growth phase with a wide scope.

For the first time Media24 hosts a festival café where its titles (newspapers, magazines, web platforms and TV) collaborate to offer a relaxation venue to visitors.

Thank you to the University of the Free State and the Vrystaat Arts Festival for the goodwill and cooperation, which once again ensures this year's festival's success.

**Dr Danny Titus** ATKV Uitvoerende Direkteur: Kultuur / ATKV Executive Director: Culture

Afrikaanssprekendes begin om veel gemakliker met mekaar om te gaan. Ons vind mekaar sterker oor ons taalgrens heen, maar juis ook oor ons Afrikaanse kultuurgrens heen. Die diversiteit binne Afrikaanssprekendes kry veral gestalte op feeste. Die Vrystaat Kunstefees is 'n geleentheid waar ons ons diverse Afrikaanse belewenisse helderder kan belig. Ons moet aan jonger landgenote antwoorde gee oor hoe ver ons met hierdie taal van ons kan gaan.

Die Vrystaat Kunstefees is ook 'n geleentheid om in Afrikaans met ander Suid-Afrikaanse kulture hande te vat. Dit interesseer my veral hoedat die Vrystaat Kunstefees ten doel het om in Afrikaans "kreatiewe kragte tussen Engels en Sotho" saam te smee. Dit insigself gee aan hierdie fees die karakter van huis wees in jou eie vel en tog gemaklik in 'n ander se skoene.

Die ATKV wens die Vrystaat Kunstefees alle sukses toe. Dis 'n fees wat sterk aanklank vind by dit waarvoor die ATKV staan.

Afrikaans speaking people are starting to interact much more comfortably with one another. We are communicating more strongly across language barriers, but also across our Afrikaans cultural barriers. The diversity amongst Afrikaans speakers is especially embodied at festivals. The Vrystaat Arts Festival is an opportunity to give more pronounced effect to our diverse Afrikaans experiences. We have to start providing answers to younger citizens, on where we can go with this language of ours.

The Vrystaat Arts Festival is also an opportunity to take hands with other South African cultures through Afrikaans. I am especially interested in how the Vrystaat Arts Festival aims to join "creative forces between English and Sotho" with Afrikaans. That in itself gives this festival the character of being at home in your own skin and yet comfortable in the shoes of others.

The ATKV wishes the Vrystaat Arts Festival all the best. It is a festival which strongly resonates with what the ATKV represents.

Cornelia Faasen Hoof- Uitvoerende Beämpte: Nasionale Teater-inisiatief
Chief Executive Officer: National Theatre Initiative

NATi is gestig as 'n befondsings- en ontwikkelingsinisiatief van verdienstelike teater in samewerking met feeste en onafhanklike vervaardigers. NATi fokus op projekte wat die teaterbedryf as 'n geheel dien en 'n stem of perspektief toevoeg tot 'n Suid-Afrikaanse narratief en daarom is ons in die besonder baie opgewonde oor die Vrystaat Kunstefees wat die laaste paar jaar as 'n diverse platform ontwikkel het vir werke oor die breë spektrum van die Suid-Afrikaanse kunslandskap.

Die produksies wat deur NATi ondersteun word, spreek 'n verskeidenheid eg Suid-Afrikaanse kwessies aan: van millennials se politieke ontnugtering en wekroep tot aktie in *Piekniek by Mpande* tot liefde oor die kleurgrens en die liefde van ouers vir hul gay kinders, in 'n omgewing waar die kerk én voorvaders dit onaanvaarbaar vind, in *Buite land*. Die Boereoorlog en ander spoke waarmee ons nog lank nie klaar is nie, word ook besoek in *Asem*. In *Gif / Poison / Ithyhefu* word die liefde tussen 'n man en vrou en hul dooie kind 'n metafoor vir die land, en in *Altaar* beeld 'n groep jong mense die oerverlede, die onmiddellike sowel as die toekoms van Suid-Afrika uit op 'n altaar waar wie weet wat geoffer word.

Die stand van teater is tans geweldig opwindend. Ek glo ons staan aan die vooraand van 'n kreatiewe ontploffing en NATi is geweldig trots om midde-in die omgewing te wees. Ek hoop u vind ons aanbod op die fees interessant, steurend, ontroerend en dat dit u sal aanspoor tot introspeksie of tot aktie. Of ten minste om 'n volgende kaartjie te koop.

NATi was founded as a funding and development initiative for theatre in collaboration with festivals and independent producers. NATi focuses on projects that serve the theatre industry as a whole, and add a voice and perspective to a South African narrative. For this reason, we are very excited about the Vrystaat Arts Festival, which has developed into a diverse platform for works across the broad spectrum of the South African arts landscape over the past few years.

The productions supported by NATi address a variety of genuine South African issues: from millennials and their political disillusionment and call to action in Piekniek by Mpande to love over the racial divide and the love of parents for their gay children in an environment where the church and the ancestors find it unacceptable, in Buite land. The Boer War and other ghosts with which we are still struggling, are also revisited in Asem. In Gif / Poison / Ithyhefu the love between a man and woman and their dead child becomes a metaphor for the country, and in Altaar, a group of young people portray the distant past, the immediate here and now, as well as the future of South Africa on an altar. Who knows what will be sacrificed.

The climate for theatre at the moment is extremely exciting. I believe we are on the verge of a creative explosion and NATi is extremely proud to be in the thick of it. I hope that you find our offering at the festival interesting, disturbing and moving, and that it will push you to introspection or action. At the very least, to buy the next ticket.

Karen Meiring MNet direkteur: Afrikaanse kanale / Mnet Director, Afrikaans channels

Daar is nijs beter om die Vrystaat se koue winter mee te tem as die Vrystaat Kunstefees nie, 'n gulhartige fees met 'n eiesoortige gasvryheid. kykNET en die Vrystaat Kunstefees het 'n paar baie belangrike kenmerke in gemeen, onder meer om stories te vertel en gemeenskappe daardeur bymekaar te bring.

Dit is 'n fees wat voortdurend vernuwe en innoveer deur aan feesgangers onvergetlike ervarings te bied. Verder is dit 'n 365-dae-van-die-jaar fees wat verantwoordelik omgaan met die gemeenskap waarin dit gebeur.

Bloemfontein is wonderlik sentraal en spog met van die beste teaters in die land! Dit dra by tot 'n uitsonderlike warm gehalte-ervaring vir feesgangers en kunstenaars.

kykNET ondersteun die Vrystaat Kunstefees omdat ons die bedryf waarin ons delf, koester, talent uit al die provinsies wil ontgin en veral graag saam met ons kykers wil kuier.

Bring die kinders saam om ons nuwe kykNET-springkasteel in te wy en kyk uit vir ons op die feesterrein!

There is nothing better to conquer the cold Free State winter than the Vrystaat Arts Festival, an open-hearted festival with one-of-a-kind hospitality. kykNET and the Vrystaat Arts Festival have a few important characteristics in common, amongst them the ability to bring communities together through stories.

It is a festival which continues to renew and innovate and provide festival goers with unforgettable experiences. Furthermore, it is a 365-days-of-the-year festival which interacts responsibly with the community where it takes place.

Bloemfontein is wonderfully central and boasts some of the best theatres in the country! It contributes to an exceptionally warm experience for both festival goers and artists.

kykNET supports the Vrystaat Arts Festival because we cherish the industry in which we work, because we want to elicit talent from all the provinces, and especially enjoy spending time with our audiences.

Bring the children along to enjoy our new kykNET jumping castle and keep an eye out for us on the festival terrain.

Openbare & lewendende kuns Public & Live Art

Giidanyba (Lugwesens / Sky Beings)

Tyrone Sheather Oliewenhuis-kunsmuseum, voorste grasperk / Oliewenhuis Art Museum, front lawn
16 Jul 17:00 Free 17 – 30 Jul: 09:00 – 17:00 & 17:00 – 20:00 (Nagtelike werk / Nocturnal work)

Giidanyba (Lugwesens) bestaan uit sewe figuuragtige beeldhouwerke. Hierdie sewe figure verbeeld naggeeste wat kennis en leiding verleen aan die Eerste Nasie- Gumbaynggirr-volk van Australië. Die *Giidanyba* verander van onbeligte beelde gedurende die dag na helder en glansende wesens in die aand. Uit hierdie geesagtige vorms stroom beligting en klanke wat op die beweging van toeskouers reageer. Die strukturele elemente van die installasie is van glasvesel en staal, terwyl tradisionele okers op die oppervlaktes van die individuele figure deur Gumbaynggirr-gemeenskapslede, onder leiding van die kunstenaar, aangewend is.


Die poësiewerkswinkel is gefokus op sowel beginners as gevestigde digters. In die werkswinkel kyk ons na verskillende digvorme, -tegnieke en -style, werk saam aan 'n gedig of twee en die kursusgangers ontvang terugvoerop hul verse. Vir navrae en besprekings, stuur 'n e-pos aan Henning Pieterse: pietersehj@ufs.ac.za.

The poetry workshop is focused on both beginners and established poets. During the workshop, we look at different forms of poetry, techniques and styles, work together on a poem or two, and the participants receive feedback on their poetry. For enquiries and bookings, send an e-mail to Henning Pieterse: pietersehj@ufs.ac.za.



Humor in die hof

⌚ Ian Wessels ⌚ Dibi Breytenbach ⌚ 60 min ↗ Afr ⌚ R20
⌚ ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) ⌚ 17 Jul 10:30

Die bekende RSG-aanbieder Ian Wessels se versameling sketse gaan oor die bizarre tot skreeusaakse dinge wat soms agter die strak gesig van die reg plaasvind. Dibi is ook 'n regsgelerde in die strafhof, daarom weet sy waarvan Wessels praat; Dibi het self 'n paar staaltjies om te vertel. *In samewerking met RSG.*

The well-known RSG presenter, Ian Wessels's collection of sketches range from the bizarre to the hilarious that sometimes occurs behind the stony face of the law. Dibi is also a lawyer in the criminal court, therefore she knows what Wessels is talking about; she has a few anecdotes of her own to share. In collaboration with RSG.



Christelike romans – 'n gewilde genre

⌚ Helena Hugo, Maretha Maartens, Elsa Winckler ⌚ Brenda Myburgh ⌚ 60 min ↗ Afr ⌚ R20
⌚ ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) ⌚ 17 Jul 12:00

Christelike romans raak al hoe gewilder. Helena Hugo (*Elim*), Maretha Maartens (*Hanna*) en Elsa Winckler ('n *Liedjie vir Anine*), uitblinkers in hierdie genre, gesels oor hul nuutste boeke en die uitdagings van hierdie genre in die hedendaagse samelewning.

*Christian novels are gaining in popularity. Helena Hugo (*Elim*), Maretha Maartens (*Hanna*) and Elsa Winckler ('n *Liedjie vir Anine*), all outstanding in this genre, talk about their latest books and the challenges of this genre in contemporary society.*






Spanningsverhale - Die skrywers agter die skerms

Chanette Paul, Martin Steyn, Dibi Breytenbach Jono Amid 60 min Afr
 R20 ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 17 Jul 13:30

Dit is 'n genre waarin miljoene boeke per jaar verkoop word. Die lezers is dus uiters krities. Hoe weet ons skrywers wat werk, of nie? Hoe hanteer hulle die druk? Kom ontmoet drie kenners.

It is a genre in which millions of books are sold every year. The readers are therefore extremely critical. How do writers know what works and what doesn't? Come and meet three experts.



Lugkasteel

Annelie Botes 60 min Afr R20
 ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 17 Jul 15:00

Tien jaar later sit Annelie Botes by haar ou bruin lessenaar en rol die kamera terug na haar tyd in Engeland as goewernante van vier onhebbelike bloubloed-seuntjes. Sy beskryf hierdie lewenservaring in die ou kasteel waar sy soos Aspoestertjie gevoel het, in *Lugkasteel*. Kom luister na hierdie gewilde skrywer se fassinerende stories.

*Ten years later, Annelie Botes sits at her old, brown desk and the camera rolls back to her time in England as governess of four unruly, blue blood boys. In *Lugkasteel*, she describes these life experiences in the old castle where she felt like Cinderella. Come and listen to this popular author's fascinating stories.*



'n Ballistiese kenner vertel

Wollie Wolmarans Martin Steyn 60 min Afr R20
 ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 17 Jul 16:30

Die ballistiekkenner, Wollie Wolmarans, wat by 'n paar hoë-profielsake soos die moord op Brett Kebble en die Oscar Pistorius-sak betrokke was, gesels oor interessante aspekte van die wetenskap van ballistiek. Japie Bogaards se boek *Koeëlreën: Ballistiek van wapens, bloedspatsels en wonde* bevat die bekendste sake waarby Wollie betrokke was, en die wetenskap daaragter.

*A ballistics expert, Wollie Wolmarans, involved in a number of high profile cases such as the murder of Brett Kebble and the Oscar Pistorius case, talks about interesting cases and aspects of the science of ballistics. Japie Bogaards's book *Koeëlreën: Ballistiek van wapens, bloedspatsels en wonde* (Bullet-rain: Ballistics of firearms, blood-spatter and wounds) contains the most famous cases in which Wollie was involved, as well as the science behind it.*



Love Letters

Lesego Nchunga (stem / vocals), Cedric Ncube (kitaar / guitar), Terry Lewis (saksofoon / saxophone) & Hector Kunene (digter / poet) 55 min Setswana, Eng R80
 ATKV-Boeke-Oase (Tent) 17 Jul 17:30, 18 Jul 17:30

Leshie Lovesong is 'n veelsydige kunstenaar en digter. Sy is van Botswana en bied in hierdie sessie oorspronklike liedere in Engels en Setswana saam met haar begaafde mede-kunstenaars aan. 'n Musiek-en-poësie-ervaring wat jou in die regte stemming vir die fees plaas.

Leshe Lovesong is a versatile vocalist and prolific poet. She hails from Botswana and, in this session, presents original music in English and Setswana along with her fellow talented artists. A music-and-poetry-experience to place you in the right mood for the festival.



Spikkels en spatsels uit Bloemfontein se verlede

Hannes Haasbroek, Marianna Botes Kobus du Preez 60 min Afr
 R20 (glas wyn ingesluit/glass of wine included) NALN 17 Jul 18:00

Bloemfontein - 'n verveelige plek? Of dat die stad 'n vervele geskiedenis het? Inteendeel. Hierdie sentrale stad in Suid-Afrika wemel van die snaaksste, interessantste en mees bizarre historiese verhale wat die wenkbroue sal laat lig. Soos sy voorganger, *Splinters en dorings uit die Rosestad se verlede*, wil hierdie historiese bundel, *Spikkels en spatsels uit Bloemfontein se verlede*, die leser op reis neem deur die stad se verlede met al sy pyn en vreugde.

Bloemfontein – a boring place? Or does the city just have a boring history? On the contrary. This central city in South Africa is crawling with the strangest, most interesting, and bizarre historical tales which will have you raise an eyebrow. Like its predecessor, Splinters and thorns from the historic past of the City of Roses), this historical anthology, Spikkels en spatsels uit Bloemfontein se verlede (Spots and splashes from the historic past of Bloemfontein) takes the reader on a journey through the city's historic past, with all its joy and pain.



Fiksiekursus / Fiction Course

Francois Smith 240 min Afr R1500
 ATKV-Boeke-Oase (Kanselierskamer / Chancellor's Room) 18 - 20 Jul 9:00

Hoe lank sukkel jy nou al om 'n ware deurbraak met jou skryfwerk te maak? Om dialoog te skryf wat die papier laat kreukel van plesier, 'n liefdestoneel wat die bladsy laat smeul? Jy het drie oggende saam met die bekroonde skrywer Francois Smith. Registreer by smithfah@ufs.ac.za.

How long have you been struggling to make a real breakthrough with your writing? To write dialogue that makes the page writhe with pleasure, a love scene that sets the paper ablaze? You have three mornings with the acclaimed author Francois Smith. Register at smithfah@ufs.ac.za.



How protected is our democracy?

Richard Pithouse, Niren Tolsi, Ralph Mathekga Ruda Landman 60 min Afr
 R20 ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 18 Jul 9:00

Richard Pithouse, skrywer van *Writing the Decline*, Ralph Mathekga, skrywer en politieke ontleder, en die joernalis, Niren Tolsi, gesels oor hoe ons demokrasie verstaan en beskerm behoort te word – nie net die regering nie, maar ook ons as gewone landsburgers.

Richard Pithouse, author of Writing the Decline, Ralph Mathekga, author and political analyst, and journalist, Niren Tolsi, talk about how our democracy should be understood and protected – not only by government, but also by us as citizens.



Hermann Giliomee: Historikus - 'n Outobiografie

Hermann Giliomee Johan Rossouw 60 min Afr R20
 ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 18 Jul 10:30

Hermann Giliomee word wyd gereken as 'n wêreldklas-geskiedkundige, en sy magnum opus, *Die Afrikaners*, het nie net die Jan H Marais-prys verower nie, maar is ook in die proses om verfilm en op kykNET uitgesaai te word.

Hermann Giliomee is widely considered a world-class historian, and his magnum opus, Die Afrikaners (The Afrikaners) not only won the Jan H Marais Prize, but is also in the process of being filmed and broadcast on kykNET.





Crime novels – where do we stand?


Mike Nicol, Niq Mhlongo, Martin Steyn, Bettina Wyngaard Jono Amid

60 min Afr R20 ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 18 Jul 12:00

Hoe lees ons misdaadromans ná 1994? Het ons speurders 'n ander baadjie aangetrek? Loop die moordspore anders as in die verlede? Is daar 'n neiging tot polities-korrekte spanningsromans waar die skurke wit is, of huis nie? Hoe vergelyk Afrikaanse en Engelse misdaadromans en wat verkies ons leser? *Ondersteun deur Taalgenoot.*

How do we read crime novels post-1994? Have our detectives undergone a change? Does the blood-trail differ from that of the past? Is there a tendency towards a politically correct suspense novel where the criminals are white, or not? How do English and Afrikaans crime novels differ and what do our readers prefer?

Supported by Taalgenoot.




Vroue aan die woord

Mariël le Roux, Wilna Adriaanse Charles Smith 60 min Afr R20

ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 18 Jul 13:30

In die nuutste romans van die gewilde skrywers Mariël Mariël le Roux (*Isabella*) en Wilna Adriaanse (*Eindspel*), is twee sterk vroue aan die woord. *Isabella* is 'n deurdagte verkenning van 'n ongewone moederskap, terwyl Ellie in *Eindspel* op die spoor is van haar pa se moordenaar. Hierdie skrywers gesels met die joernalist Charles Smith oor die uitbeelding van hul karakters.

*In the latest novels of the popular authors, Mariël Mariël le Roux (*Isabella*) and Wilna Adriaanse (*Eindspel*), two strong women speak out. Isabella is an in-depth exploration of an unusual motherhood, whilst Ellie in *Eindspel* is in pursuit of her father's murderer. These authors speak to the journalist Charles Smith about the portrayal of their characters.*



God praat Afrikaans

Hemelbesem Andries Bezuidenhout 60 min Afr R20

ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 18 Jul 15:00

Hemelbesem is een van die grootste én hardwerkendste hip-hopsterre in Afrikaans en hy verkondig ook as 'straatpredikant' sy liefde vir Afrikaans in al sy vorme. Die musikant en digter Andries (Roof) Bezuidenhout deel sy liefde vir taal en musiek en gesels met hom oor dié hartsboek.

Hemelbesem is one of the most popular and hardworking hip-hop stars in Afrikaans, but as a 'street preacher' he also professes his love for Afrikaans in all its forms. The musician and poet Andries (Roof) Bezuidenhout shares his love for language and music, and speaks to him about his book.



Poësiewerksessies / Poetry workshops – Lingua Franca

Lwanda Sindaphi, Mbongeni Nomkonwana & Ashley Makue 120 min Eng

R20 ATKV-Boeke-Oase (Kanselierskamer / Chancellor's Room) 18 – 20 Jul 14:00

Hierdie reeks werksessies in die digkuns sal bestaan uit drie sessies: skryf (18 Julie), redigering (19 Julie) en optredes (20 Julie). Elke sessie gee die fasilitateerders voldoende tyd om intensief met elke deelnemer te werk.

This series of workshops in poetry will consist of three sessions: writing (18 July), editing (19 July), and performance (20 July). Each session offers the facilitators enough time to work intensively with each participant.



Elders oor berge en dale


♂ Erns Grundling, Jackie Grobler ⌚ Toast Coetzer 🕒 60 min ↪ Afr
">\$ R20 📍 ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 📅 18 Jul 16:30

Aan die begin van 2015 was die bekroonde *Weg!*-journalis Erns Grundling oorwerk, oorstuur, oorgewig, beseer – en pas gediagnoseer met slaapapnee. Vanselfsprekend was ál ding om te doen om die ellewange Camino-stapton in Spanje aan te pak – g'n selfoon, g'n makkers, net dapper en stapper. Jackie Grobler, skrywer van *Oor berge en dale*, is op 'n soektoog na monumente in Suid-Afrika en kom op rare verhale af. Kom reis saam!

Ondersteun deur Taalgenoot.

At the start of 2015, the acclaimed Weg!-journalist Erns Grundling was overworked, upset, overweight, injured, and had just been diagnosed with sleep apnoea. Needless to say, the only thing to do was to attempt the lengthy Camino-hiking trail in Spain – no cellphone, no company, only will and bravado. Jackie Grobler, author of Oor berge en dale (Over mountains and valleys) chases monuments in South Africa and uncovers rare stories in his search. Come and join the journey!

Supported by Taalgenoot.



Die lewe na die dood: Kleinboer tussen tradisie en moderniteit

♂ Johann Rossouw ⌚ 90 min ↪ Afr ">\$ R50
📍 ATKV-Boeke-Oase (Kanselierskamer / Chancellor's Room)
📅 18 Jul: Kontrei 17:30 19 Jul: Werfsonde 17:30 20 Jul: Hierdie huis 17:30

Die fragmentmeester, Kleinboer, het bekendheid verwerf met die eerste twee romans van sy trilogie, *Kontrei* (2003) en *Werfsonde* (2012). Om saam te val met die lankverwagte derde roman van die trilogie, *Hierdie huis*, vier ons Kleinboer se lewe en werk. Die filosoof en skrywer Johann Rossouw hou 'n reeks van drie lesings oor Kleinboer se trilogie.

Kleinboer achieved fame with the first two novels from his trilogy, Kontrei (2003) and Werfsonde (2012). To accompany the much anticipated third novel of his trilogy, Hierdie huis, we celebrate the life and work of Kleinboer. The philosopher and author Johann Rossouw presents a series in three parts on Kleinboer's trilogy.




Hulde aan helde: Adam Small / Celebrating heroes: Adam Small

♂ Frazer Barry, Deniel Barry (Tribal Echo) ♂ Abraham H de Vries ⌚ 90 min ↪ Afr
">\$ R20 (sluit glasie wyn in / includes a glass of wine) 📍 NALN 📅 18 Jul 18:00

Ons salueer in die program die lewe en werk van die uitsonderlike digter Adam Small met 'n dokumentêre rolprent, gevvolg deur die toonsettings deur een van die mees progressiewe Afrikaanse kunstenaarsgroepe, Tribal Echo, wat 'n heel nuwe klank aan Adam Small se werke verleen.

In this program we salute the life and work of the exceptional poet Adam Small by screening a documentary film followed by one of the most progressive Afrikaans bands, Tribal Echo, setting to music and bringing new melody to the works of Adam Small.



Klawer, kwatry & konkas

♂ o.a. Christine Otten, Mira Feticu, Alfred Schaffer, Gilbert Gibson, Toast Coetzer, Danie Marais, Illette Jacobs, Hennie van Coller, Sander Terphuis, Tinus van Staden & Adél Steyn
♫ Riku Lätti, Jackie Lätti, Frazer Barry, Mark Ellis (Baskitaar), Jean Marais (tromme) & The Katiba Group ⌚ 120 min ↪ Afr, Sesotho, Nederlands / Dutch
">\$ R20 📍 ATKV-Boeke-Oase (Tent) 📅 18 Jul 20:00

Teen die agtergrond van Afrikaanse en Basotho-musiek wat 'n heel nuwe Wasgoedlyn span, lees digters van hul gedigte voor, ander neem hul plek in voor die klawers, party break dance, ander sing. Verwag die onverwagte.

Against the background of Afrikaans and Basotho music as a whole new backdrop, poets perform some of their poetry, others take a seat at the piano, some break dance, others sing. Expect the unexpected.





No Longer Whispering to Power – Thuli Madonsela

Thandeka Gqubule Ruda Landman

60 min Eng R20 ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 19 Jul 9:00

Thuli Madonsela het op 'n keer haar voormalige rol as die openbare beskermer vergelyk met dié van die Venda-vrouepleier Makhadzi, wat gesê het dit is haar plig om die waarheid aan die heerse te fluister. In haar insiggewende boek, *No Longer Whispering to Power*, ondersoek die deurwinterde joernalist Thandeka Gqubule die lewe van Thuli Madonsela – die vrou met die sagte stem. Wie is sy werlik? Wat is die pligte en beperkings van die openbare beskermer?

Thuli Madonsela once compared her role as former public protector to that of the female Venda leader Makhadzi, who said that it was her duty to whisper the truth to the ruler. In her insightful book, No Longer Whispering to Power, the seasoned journalist Thandeka Gqubul, explores the life of Thuli Madonsela – the soft spoken woman. Who is she really? What are the duties and limitations of the public protector?




On Record – Van Boere-oorlogmusiek tot Steve Hofmeyr

Schalk van der Merwe Andries Bezuidenhout 60 min Afr R20

ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 19 Jul 10:30

In hierdie sessie, wat handel oor Schalk van der Merwe se boek *On Record: Music and society in recorded popular Afrikaans music records, 1900-2017*, word gesels oor die geskiedenis van opgenameerde populêre Afrikaanse musiek vanaf die eerste opnames van die Transvaliese volkslied tydens die Boereoorlog tot Steve Hofmeyr se optredes die afgelope twee jaar. 'n Prikkelende gesprek wat 'n blik bied op die ontwikkelende Afrikaner-identiteite in die twintigste eeu, asook in die post-apartheidera.

In this session on Schalk van der Merwe's book, On Record: Music and society in recorded popular Afrikaans music records, 1900-2017, the history of recorded popular Afrikaans music is discussed, from the first recordings of the Transvaal anthem during the Boer War to Steve Hofmeyr's performances over the past two years. A scintillating conversation which offers a glance into the developing Afrikaner identities during the twentieth century, as well as in the post-apartheid era.



Ons kom van vêr

Michael le Cordeur & Wannie Carstens, Raymond van Diemel, Basil May, Herman Bailey,

Danie van Wyk Rian Cloete 60 min Afr R20

ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 19 Jul 12:00

Die storie van Afrikaans het in die verlede meestal gefokus op die geskiedenis van die witte, terwyl die taal se bruin en swart geskiedenis misken is. Met hierdie boek word die verhaal meer volledig vertel. Michael le Cordeur en Wannie Carstens verduidelik waarom dit nodig was om die situasie reg te stel deur aan te toon dat bruin mense se verbintenis met Afrikaans inderdaad van ver kom. Op hierdie manier word die inklusiewe geskiedenis van Afrikaans verder geopenbaar.

In the past the story of Afrikaans mostly focused on the history of white people, whilst black and brown people's history of the language was overlooked. With this book, the story is more complete. Michael le Cordeur and Wannie Carstens explain why it was necessary to correct the situation by illustrating that brown people's connection with the language comes from way back. In this way, the inclusive history of Afrikaans is further revealed.



Die tuiskoms van musiek in woorde

Zandra Bezuidenhout, Stephanus Muller Johan Myburg 60 min Afr

R20 ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 19 Jul 13:30

Watter verbande is daar tussen musiek en die woordkuns? Zandra Bezuidenhout, digter en vertaler van Anna Enquist se *Arsenaal van klank*, en Stephanus Muller, skrywer van *Nagmusiek*, gesels saam.

*What do music and poetry have in common? Zandra Bezuidenhout, poet and translator of Anna Enquist's *Arsenal of Sound*, and Stephanus Muller, author of *Night music*, discuss this relationship.*



Nothing but the truth?



Antony Altbeker, Paul McNally, Sander Terphuis, Ace Moloi Francois Smith



60 min



Eng



R20



ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall)



19 Jul 15:00

Hoe skryf ons oor die werklikheid en hoe verpak 'n mens die waarheid op 'n boeiende wyse? Is kreatiewe nie-fiksie ons enigste hoop in 'n land waar die werklikheid te veel geword het om te interpreteer? Wat is die implikasies wanneer die 'waarheid' geskryf word en hoe 'kreatief' kan nie-fiksie raak? Antony Altbeker (*Fruit of a Poisoned Tree, The Dirty Work of Democracy, Country at War with Itself*), Paul McNally (*The Street*), die Nederlandse / Iranese skrywer, Sander Terphuis (*De Worstelaar*) en Ace Moloi (*Holding my Breath*) gesels hieroor.

How do we write about reality and how does one package the truth in a gripping manner? Is creative non-fiction our only hope in a country where reality has become too much to interpret? What are the implications of writing the 'truth' and how 'creative' can non-fiction get? Antony Altbeker (Fruit of a Poisoned Tree, The Dirty Work of Democracy, Country at War with Itself), Paul McNally (The Street), the Dutch / Iranian author, Sander Terphuis (De Worstelaar) and Ace Moloi (Holding my Breath) discuss the issue.



Oorlog op oorlog – wat is die impak?



Fransjohan Pretorius, Willem Steenkamp, Twin Mosia Francois Smith



60 min



Eng



R20



ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall)



19 Jul 16:30

In Pretorius se nuut-opgedateerde volkleurboek, *Verskroeide aarde*, gee 'n groep hoog-aangeskrewe historici 'n vars blik op van die mees omstrede aspekte van die Anglo-Boereoorlog. Sedert Willem Steenkamp se topverkoper *Suid-Afrika se Grensoorlog* in 1989 gepubliseer is, het die geweerlope afgekoel en die rook van die slagveld gaan lê. Dié hersiene weergawe van die klassieke boek plaas egter nuwe feite op die tafel. In hierdie gesprek word gekyk na hierdie twee oorloë wat so 'n groot impak op die psige van Suid-Afrikaners gelaat het.

In Pretorius' newly updated full-colour book, Scorched Earth, a group of highly recommended historians provide a fresh look at some of the most controversial aspects of the Anglo-Boer War. Since Willem Steenkamp's top seller, South Africa's Border War, was published in 1989, the gun barrels have cooled down and the smoke of the battlefield has settled. This revised edition of the classic, however, reveals new facts. These two wars that had such a massive impact on the psyche of all South Africans, are discussed.



Homecoming

Braam de Vries, Daniel Hugo, Ace Moloi, Alfred Schaffer, Niq Mhlongo, Christine Otten,

Antony Altbeker, Zukiswa Wanner, Francois Smith, Sander Terphuis, Mira Feticu, Johan Myburg,

Willem Anker en Joseph Boyden Francois Smith

Danie Marais 90 min Eng R20



ATKV-Boeke-Oase (Tent)



19 Jul 17:30

'n Langtafel-gesprek met skrywers van hier en elders oor die vrae: Hoe voel ek tuis in 'n wêreld waar mense onwelkom voel? Hoe skryf ek myself tuis? Is my skryfwerk my tuiste of my ontsnapping? Wat beteken die konsep 'tuis'.

Dinner talk with authors from here and elsewhere on the questions: How will I feel at home in a world where people feel unwelcome? How do I write myself into belonging? Is my writing my home or my escape? What does the concept of 'at home' mean?



Die reis gaan inwaarts – Karel Schoeman



Cas Wepener, Rob van der Veer Francois Smith



60 min



Afr, Nederlands / Dutch



R20

(glas wyn ingesluit / glass of wine included)



NALN



19 Jul 18:00

Met rituele as invalshoek word in *Die reis gaan inwaarts* gekyk hoe karakters wat die kuns van sterwe hanteer, uitgebeeld word in die oeuvre van Karel Schoeman. Dit is betekenisvol om hierdie nuwe publikasie juis ook in Bloemfontein bekend te stel; nie alleen omdat Schoeman in die stad woon nie, maar ook omdat sy werke wat in *Die reis gaan inwaarts* bespreek word, in die Vrystaat afspeel.

With rituals as entry point, Die reis gaan inwaarts (The journey goes inward) looks at how characters handle the art of dying, as illustrated in the oeuvre of Karel Schoeman. It is meaningful to release this new publication in Bloemfontein, not just because Schoeman is a resident, but also because his works discussed in Die reis gaan inwaarts are set in the Free State.





🔗 <https://memim.com/antjie-krog.html>

Sol Plaatje-lesing / Sol Plaatje Lecture

👤 Antjie Krog; verwelkomings deur Francis Petersen, UV-rektor & -visekanselier / welcoming by Francis Petersen, UFS rector & vice-chancellor ⏰ 80 min 💬 Afr, Eng 💸 Gratis / Free📍 ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 📅 19 Jul 19:30

Hierdie lesing, waarin hulde gebring word aan die veelsydige skrywer en denker Sol Plaatje word vanjaar gelewer deur die internasionaal-gerekende digter en skrywer Antjie Krog.

This lecture in which the multifaceted author and thinker Sol Plaatje is celebrated, is delivered by the internationally recognized poet and author Antjie Krog.





What does history teach us?

👤 Hennie van Vuuren, Bill Nasson 🗺 Ruda Landman ⏰ 60 min 💬 Eng 💸 R20📍 ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 📅 20 Jul 9:00

Hoe moet ons die geskiedenis lees om die hier en nou te verstaan? Hoe moet ons onder meer korrumptie in die land verstaan in terme van die verlede? Wat is die historiese patronne wat ons behoort te verstaan en wat is die bitter vrugte wat ons nou pluk as gevolg van foute in die verlede? Hennie van Vuuren (Apartheid Guns and Money), en Bill Nasson (History Matters) gesels saam.

How should we read history in order to understand the here and now? How must we, amongst others, understand corruption in the country in terms of the past? What are the historical patterns which we ought to understand and what are the bitter fruit which we are picking now because of mistakes from our past? Hennie van Vuuren (Apartheid Guns and Money), and Bill Nasson (History Matters) discuss this topic.



RSG Blokraaitoernooi

📍 Suidblok 1 / South Block 1 💬 Afr ⏰ 60 min

Uitdunrondtes / Elimination Rounds: 21 Jul, 10:00, 12:00 & 14:00 (Prys: R100)

Semi-finaal / Semi-final: 22 Jul 10:30 (Prys: Gratis / Free)

Finaal / Final: 22 Jul 12:30 (Prys: Gratis / Free)

Die XWord-blokraaispan bied vanjaar weer die RSG Blokraaitoernooi aan ná verlede jaar se groot sukses! Volledige inligting oor hierdie opwindende kompetisie sal gereeld deur RSG uitgesaai word. Besprekings en navrae by Albe Grobbelaar: albegrobbelaar@gmail.com. com. In vennootskap met die UV Dept. Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans; ondersteun deur Die DagbreekTrust.

Following its enormous success last year, the XWord-crossword team once again present the RSG Crossword-Tournament! More information about this exciting competition will be aired regularly on RSG. Bookings and enquiries from Albe Grobbelaar: albegrobbelaar@gmail.com. In partnership with the UFS Dept. Afrikaans and Dutch, German and French; supported by Die Dagbreek Trust.



Superma (en ander mites)

Chantelle de Wet Danie Marais

60 min Afr R20 ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 20 Jul 12:00

Om kinders groot te kry is 'n uitdaging waarvoor daar nie keuring of eksamens is nie, en jou bondeltjie liefde word ook nie met 'n handige handleiding afgeliever nie. Ons almal streef om superma's te wees en dit help om soms die humor in die harde werkelikhed raak te sien. Hierdie skrywers gesels openhartig, sonder om doekies om te draai, oor ma-wees.

To raise children is a challenge for which there are no qualifying exams. Your little bundle of love isn't delivered with a handy manual either. We all strive to be super moms and it helps sometimes to recognise the humor in the harsh reality. These writers chat openly about what it is like being a mother.



Van die een kontinent na die ander / From one continent to the other

Daniel Hugo, Rob van der Veer, Willem Anker Alfred Schaffer

60 min Afr, Nederlands / Dutch R20 ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 20 Jul 13:30

Hoe werk die proses van vertaling tussen Nederlands en Afrikaans? Watter boeke spreek tot beide Afrikaanse en Nederlandse lezers? Hoe kom die vertaling tuis in 'n ander kontinent en taal? Daniel Hugo, bekroonde vertaler en digter, gesels saam met Rob van der Veer, wat Willem Anker se *Buy's* pas na Nederlands vertaal het. Alfred Schaffer, Nederlandse digter en vertaler, is die gespreksleier. Ondersteun deur die Van Ewijk Stigting.

*How does the process of translation between Dutch and Afrikaans work? Which books resonate with both Afrikaans and Dutch readers? How does the translation come across on another continent and in another language? Daniel Hugo, translator and poet, talks to Rob van der Veer, who recently translated Willem Anker's *Buy's* into Dutch. Alfred Schaffer, Dutch poet and translator, is the facilitator. Supported by the Van Ewijk Stigting.*



Afrikaanse Wikipedia – maak die kuber jou erns

Laurette Pretorius 180 min Afr Gratis / Free

Flippie Groenewoudgebou 202 / Flippie Groenewoud-building 202 20 Jul 14:00

Maak Afrikaans jou kuber-erns. Jy hoef nie 'n akademikus, politikus of mediamaat te wees nie! Die kuberruimte en die rol wat die internet in ons daagliks lewe speel, neem elke sekonde toe. Met inisiatiewe soos die Afrikaanse Wikipedia skep ons hoop vir tale soos Afrikaans en vergroot ons Afrikaans se bestaande digitale voetspoor. Kom vind uit en hoor hoe jy deel kan word van die opwindende en positiewe uitbou van die Afrikaanse Wikipedia. Ondersteun deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap & Kuns.

Make Afrikaans your online concern. You need not be an academic, politician or media magnate! The internet and the role it plays in our daily lives is expanding by the second. With initiatives such as the Afrikaans Wikipedia, we are creating hope for languages such as Afrikaans and we are expanding the existing digital footprint of Afrikaans. Come and find out how you can be part of the exciting and positive expansion of the Afrikaans Wikipedia. Supported by the South African Academy for Science and Art.



Who writes on whose behalf?

Christine Otten, Dudu Busani-Dube, Zukiswa Wanner Danie Marais

60 min Eng R20 ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 20 Jul 15:00

Wat is die etiese implikasies van die skrywer as dit kom by die skryf van die Ander? Mag 'n wit skrywer byvoorbeeld skryf uit die oogpunt van 'n swart karakter? Hoe ver mag jy as skrywer jouself verplaas na die leefwêreld van ander gemeenskappe waarvan jy self nie deel is nie?

What are the ethical implications of the author when it comes to the writing of the Other? May a white author, for instance, write from the perspective of a black character? How far are you allowed, as author, to place yourself in the lives of other communities of which you are not part?





Uittogboek

⌚️ Johan Myburg 📖 Daniel Hugo ⏰ 60 min 💰 Afr 💰 R20
📍 ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 🗓️ 20 Jul 16:30

Uittogboek - 'n bundel wat van fyn vakmanskap, tematiese en stilistiese verskeidenheid en intellektuele diepgang getuig – is 'n hoogtepunt in die digter Johan Myburg se oeuvre. Temas soos die doodsbesef, die mens se verganklikheid, reis na verre plekke en die optekening van laaste dinge word op subtiele en sensitiewe wyse benader en met ironie en humor deurspekk.

Uittogboek – an anthology which testifies of fine craftsmanship, thematic and stylistic diversity and intellectual depth – is a climax in the oeuvre of the poet, Johan Myburg. Themes such as coming to terms with mortality, the transience of man, travel to faraway places, and writing down the final things is approached in a subtle and sensitive way, and scattered with irony and humour.



Hulde aan helde: 110 Jaar Mofolo / Celebrating heroes: 110 Years Mofolo

⌚️ Chris Swanepoel, Limakatso Chaka & Antjie Krog ⏰ 60 min 💰 Afr, Eng, Sesotho
💰 R20 (glasie wyn ingesluit / glass of wine included) 📍 NALN 🗓️ 20 Jul 18:00

Elegieë, profesieë en prysliedere uit Thomas Mofolo se klassieke roman *Chaka*, uitgevoer deur Limakatso Chaka en Antjie Krog, met die verskynval van Chris Swanepoel se nuwe Afrikaanse vertaling van Mofolo se bekroonde werk. Kom luister na 'n seldsame versnyding van Sesotho en Afrikaans in 'n program saamgestel en aangebied deur die vertaler. Die agtergrondsketse is in Engels, terwyl die voordragte telkens in sowel Sesotho as Afrikaans gelewer word.

Elegies, prophecies and songs of praise from Thomas Mofolo's classic novel, *Chaka*, performed by Limakatso Chaka and Antjie Krog, with the publication of Chris Swanepoel's new Afrikaans translation of Mofolo's acclaimed work. Come and listen to a rare blend of Sesotho and Afrikaans in a program compiled and presented by the translator. The background sketches are in English, whilst the recitals are delivered in both Sesotho and Afrikaans.




The Naked Slam

⌚️ Khanyiso Mabodla, Anele Kose, Ashley Makue ⏰ 90 min 💰 Sesotho, isiXhosa, Afr, Eng
💰 R20 📍 ATKV-Boeke-Oase (Tent) 🗓️ 20 Jul 20:00

The Naked Slam is iets heeltemal anders as jou normale bekgevegte, hoewel dit steeds hou by die basiese beginsels. Die doel is om baie digters op die verhoog te kry om die uiteenlopende gehoorlede te beleef! Van die eerste tot die laatste rondte, sal elke digter genoeg tyd gebied word om hul werke te deel. Lingua Franca noem die Naked Slam die ware Suid-Afrikaanse bekgeveg! Aangebied deur Lingua Franca. Groot prysgeld is op die spel!

The Naked Slam takes a different form than your conventional poetry slam, whilst still honouring the fundamentals. The aim is to have a number of poets on stage and afford them time to experience the diverse audience! From first round to the last, each poet is given a fair amount of time to share their work. Lingua Franca calls it the definition of a truly South African Slam! Presented by Lingua Franca. Great prizes to be won!



Helen Zille – Not without a fight

⌚️ Helen Zille 📖 Ruda Landman ⏰ 60 min 💰 Afr 💰 R20
📍 ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 🗓️ 21 Jul 9:00

Helen Zille se outobiografie, *Not without a fight*, vertel een van die fassinerendste politieke stories van ons tyd. Zille neem die leser op reis vanaf haar grootwordjare in 'n doodgewone huis, haar stryd teen anoreksie as 'n jong vrou, haar vroeëre lewe as 'n joernalis in die apartheidjare tot haar politieke loopbaan wat gekenmerk word deur haar verbete stryd om die DA as opposisie-party te versterk.

Helen Zille's autobiography, *Not without a fight*, tells one of the most fascinating political stories of our time. Zille takes the reader on a journey from her years growing up in a perfectly normal home, her battle against anorexia as a young woman, her earlier life as a journalist in the Apartheid years, to her political career which is characterised by her fierce battle to strengthen the DA as opposition party.



Van boek tot silwerdoek

Leon van Nierop, Francois Smith, Jaco Jacobs Anthea van Jaarsveld
 60 min Afr R20 Film Studio 21 Jul 9:30

Hoe werk die proses om boeke na rolprente te verwerk en omgekeerd? Leon van Nierop (*Stralerjakkies*), Francois Smith (*Kamphoer*) en Jaco Jacobs (*Nul is nie niks nie*, gegrond op sy boek *Oor 'n motorfiets, 'n zombieflik en lang getalle wat deur elf gedeel kan word*) vertel hoe hul boeke vir die silwerdoek en ander medium soos die radio verwerk is.

*What does the process of converting books into film (and vice versa) entail? Leon van Nierop (*Stralerjakkies*), Francois Smith (*Kamphoer*) and Jaco Jacobs (*Nul is nie niks nie*, based on his book, *Oor 'n motorfiets, 'n zombieflik en lang getalle wat deur elf gedeel kan word*) talk about the conversion of their books for the silver screen and other media, such as radio.*




Megaboere

Wynand Dreyer, Estelle van Reenen, Louis de Kock Melt Myburgh
 60 min Afr R20 ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 21 Jul 10:30

Megaboere, kykNET se gewilde reeks oor suksesvolle boere in Suid-Afrika, het kykers reeds vir drie reekse vasgenaai gehou, en 'n vierde is ooppad. In hierdie boek neem Wynand Dreyer, vervaardiger van die reeks, en sy produksiespan jou na die boere op wie die kollig in die eerste twee reekse geväl het. Kom luister hoe hy gesels met megaboere oor hul sukses, sakevernuf in moeilike tye, gemeenskapsbetrokkenheid en grondhervorming.

Megaboere, kykNET's popular series on successful farmers in South Africa, kept viewers glued to the screen for three seasons, and a fourth is on its way. In this book, Wynand Dreyer, producer of this series, and his production team take you to the farmers who were in the spotlight during the first two seasons. Hear what the mega farmers have to say about their success, resourceful business skills in difficult times, community involvement and ground reclamations.



Handwerkdemonstrasies: Opgedollie: juwele, sakke en geskenke geskep uit rommel

Thana Nel 90 min Afr R40 (sluit alle materiaal in / includes all material)
 ATKV-Boeke-Oase (Kanselierskamer / Chancellor's Room) 21 Jul 11:00

Upcycling is nie net 'n manier om jou deel vir die aarde met sy oorvol ashope te doen nie, maar ook 'n manier om pragtige nuwe items te skep uit rommel wat skynbaar geen nut meer het nie. Thana is 'n laerskoolonderwyseres en geesdriftige kunshandwerker. Deelnemers aan die werk sessie sal elkeen 'n eie denimborsspeld maak.

Upcycling is not just a way of doing your part for the overflowing waste dumps of the earth, but also a way of creating beautiful new items from trash which seemingly has no use left. Thana is a primary school teacher and arts and crafts enthusiast. Participants of the workshop will each make their own denim brooch.




Bringing our history home

Fred Khumalo, Willem Anker Francois Smith
 60 min Eng R20 ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 21 Jul 12:00

Hoe delf die skrywer in die verlede om 'n geskiedkundige gebeurtenis, soos in Fred Khumalo se *Dancing the Death Drill*, die ondergaan van 'n skip vol swart mense tydens die Eerste Wêreldoorlog, of in Willem Anker se *Buy's*, wat handel oor die veelberugte Conraad Buy's, om iets te sê van die huidige situasie in die land? Hoe werk die navorsingsproses en die fiksionalisering daarvan?

*How does the author delve into the past in order to say something about a historical event, such as in Fred Khumalo's *Dancing the Death Drill*, the sinking of a ship full of black people during the First World War, or in Willem Anker's *Buy's*, which is about the infamous Conraad Buy's, as a social commentary of the current situation in the country? How does the research process, and the fictionalising thereof, work?*





So is dit nou

Johan van Wyk Gert Coetze 60 min Afr R20
ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 21 Jul 13:30

'n Nuwe versameling humoristiese stories oor die hede en verlede deur die deurwinterde joernalis en topverkoper-skrywer Johan van Wyk. Dié versameling dokumenteer 'n tyd van padkafees, Pepsi-floats en koue skaapnek uit 'n saalsak. In dié bundel word die verlede onthou en meesterlik verweef met die hedendaagse Suid-Afrika waar Jacob Zuma en Julius Malema die septer swaai.

A new collection of captivatingly humorous stories about the past and present by the seasoned journalist and top-selling author, Johan van Wyk. This collection documents a time of Roadhouses, Pepsi-floats and cold mutton from a saddlebag. In this anthology, the past is remembered and interwoven brilliantly with the modern day South Africa where Jacob Zuma and Julius Malema rule the roost.



Soettand

Koelsoem Kamalie, Flori Schrikker Hendri Warricker
90 min Afr R60 (Kosdemo / Food demo)
ATKV-Boeke-Oase (Tent) 21 Jul 13:30

Die kos uit Koelsoem Kamalie en Flori Schrikker se kombuisie het Suid-Afrikaners geheel en al betoer. In *Soettand* deel hulle poedings en soetgebak wat dekades lank al familiegunstelinge is, soos Ouma Rose se doekpoeding, 'n onderstebo-tert, Potpoeding, Maleise koeksisters, Bobaas-bollas, Yuwin se waatlemoenysies, Gemmerpoeding, Broodpoeding met 'n verskil, Hertzoggies en die berugte Tweegevrietjies.

The food from the kitchens of Koelsoem Kamalie and Flori Schrikker has completely dazzled South Africans. In Soettand, they share puddings and confection which have been family favourites for decades, like Granny Rose's pudding, an upside-down tart, Pot-pudding, Malayan koeksisters, Bobaas-bollas, Yuwin's watermelon ice lollies, Ginger pudding, Bread pudding with a difference, Hertzoggies and the famous Tweegevrietjies.



Hulde aan helde: Jans Rautenbach

Katinka Heyns, Martin Botha, Anthea van Jaarsveld, Leon van Nierop Hennie van Coller
60 min Afr R20 Film Studio 21 Jul 13:30

Ons bring in hierdie gesprek hulde aan Jans Rautenbach (1936–2016) – een van die grootste draaiboekskrywers, rolprent-vervaardigers en regisseurs in Afrikaans. Om Rautenbach se ryk nalatenskap van fliks te vier word die volgende rolprente op 21 Julie in die Film Studio (sien filmfees) vertoon: Die kandidaat (11:00) en Jannie totsiens (15:00). Voorgestelde donasie van R30 per film.

We celebrate Jans Rautenbach (1936-2016) in this discussion – one of the greatest scriptwriters and film producers and -directors in Afrikaans. To celebrate Rautenbach's rich film heritage, the following films are screened on 21 July in the Film Studio (see film festival): Die kandidaat (11:00) and Jannie totsiens (15:00). Recommended donation R30 per film.



It's me, Marah

o.a. Marah Louw
60 min Eng R20 ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 21 Jul 15:00

Hierdie outobiografie vertel die verhaal van 'n dominee-kind uit die Mzimhlophe Township wat gebore is met 'n goue stem. Vandag word Marah Louw gereken as deel van die room van die Suid-Afrikaanse musiekwereld, wat al vir konings en koninginne gesing het. Maar met 'n loopbaan wat oor veertig jaar strek, was daar ook moeilike tye, vernederings en ontnugterings. Louw het 'n kragtige en passiewolle storie om te vertel.

This autobiography tells the story of a reverend's child from the Mzimhlophe Township, born with a golden voice. Today, Marah Louw is considered part of the elite of the South African music world, who has sung for kings and queens. But with her career spanning over forty years, there were also hard times, humiliations and moments of disillusionment. Louw has a powerful, passionate story to tell.



Saam op die spanningspoor



Irma Venter, Rudie van Rensburg, Duane Aslett Gert Coetze



60 min Afr R20 ATKV-Boeke-Oase (Hooflokaal / Main Venue) 21 Jul 16:30

Irma Venter (*Sirkus*), Rudie van Rensburg (*Kamikazi*) en Duane Aslett (*Goudduiwel*) gesels oor hul nuutste spanningsromans. Waar kom hul stories vandaan; hoe skep hulle oortuigende karakters wat die leser saam op die spannende tog neem?

Irma Venter (*Sirkus*), Rudie van Rensburg (*Kamikazi*) and Duane Aslett (*Goudduiwel*) talk about their latest suspense novels. Where do their stories come from; how do they create the convincing characters that take the reader on these thrilling quests?



Kleinboer in oënskou



Kleinboer Johann Rossouw



90 min Afr R50 Film Studio 21 Jul 17:30

Kom woon die première by van die dokumentêr oor Kleinboer se lewe en werk deur Niel van Deventer en Charlené Brouwer (*Dis ek, Anna*) gevvolg deur 'n gesprek met Kleinboer en die bekendstelling van sy nuwe boek, *Hierdie huis*.

Ondersteun deur Taalgenoot.

Come and attend the premiere of the documentary about the life and works of Kleinboer, by Niel van Deventer and Charlené Brouwer (*Dis ek, Anna*), followed by a conversation with Kleinboer and the launch of his new book, *Hierdie huis*.

Supported by Taalgenoot.



Izak de Vries

Hulde aan helde: Dot Serfontein



Susan Samuel & Leana Lategan Antoinette Kellerman



60 min Afr R20 (sluit glasie wyn in / includes glass of wine)



NALN 21 Jul 18:00

Die geliefde Afrikaanse skrywer Dot Serfontein, wat in 2016 oorlede is, is een van die eerstes wat kontreiverhaalkuns in Afrikaans beoefen het en lewer hiermee 'n belangrike bydrae tot die vernuwing in die vertelkuns. Sy slaag daarin om in haar essays op onderhoudende wyse en met oorspronklike beelding 'n leefwyse en gewoontes uit te beeld wat tot die verlede behoort.

The beloved Afrikaans author, Dot Serfontein, who passed away in 2016, made an enormous contribution to the renewal of the art of story-telling. She succeeds in portraying her essays in a consistent way and with original portrayal of a way of life and habits which are now bound to the past forever.



Naked Word Poetry Session



Mbongeni Nomkhonwana, Anele Kose & Ashley Makue, Chisenga Fundanga, Tessa Muller,



Bibi Slippers & Andries Bezuidenhout



Zama Qambi, Babalwa Makwethu, Aphiwe Nyezi en



Ngcwalisa Maqekeza 90 min isiXhosa, Sesotho, Afr R20



ATKV-Boeke-Oase (Tent) 221 Jul 20:00

Die Naked Word Poetry-sessie is 'n samekoms van digkuns en musiek, wat spoken word vermeng met dinamiese Afro-futuristiese klanke om 'n unieke Suid-Afrikaanse ervaring van dig-en-musiektaal te laat vibreer.

Aangebied deur Linga Franca.
Ondersteun deur Taalgenoot.

The Naked Word Poetry Session is a collaboration of poetry and music, weaving spoken word with dynamically Afro-futuristic sound to produce a uniquely South African poetic and musical experience. Presented by Linga Franca.

Supported by Taalgenoot.





Fees van die sintuie



Etienne van Heerden, Hennie van Coller, Anthea van Jaarsveld Herman van den Bergh & Nicol Viljoen Sjef Suné Niemand van Upper Crust 180 min R200 (ete ingesluit / meal included) The Ramblers Club 22 Jul 08:30 vir / for 09:00

Hierdie ontbyt bied feesgangers die geleentheid om puik kos en wyn te geniet, te luister na musiek van hoe gehalte en boonop 'n spesiale skrywer van nader te leer ken. Vanjaar is die gasskrywer die alombekende Etienne van Heerden, wat sy nuwe roman, *Die wêreld van Charlie Oeng*, op die fees bekendstel. Ondersteun deur Van Rensburg Patoloë; wynborge: Longridge

This breakfast offers festival goers the opportunity to enjoy excellent food and wine, to listen to music of the utmost quality and even get to know a special author up-close. This year, the guest author is the famous Etienne van Heerden, who is launching his new novel, *Die wêreld van Charlie Oeng*, at the festival. Supported by Van Rensburg Patoloë; wine sponsor: Longridge



'n Wolf in skaapklike



Kobus Galloway Melt Myburgh 60 min Afr R20 ATKV-Boeke-Oase (Hoofsaal / Main Hall) 22 Jul 10:30

Hierdie boek is 'n versameling Afrikaanse idiome deur die skepper van *Idees vol vrees*, Kobus Galloway. Dit bevat 150 idiome, elk geïllustreer met 'n grappige volblad-spotprent, asook 'n kort verklaring van elke idiom se betekenis. Verder is daar 'n lys met nog honderde idiome en verklarings agter in die boek. Kobus Galloway is die skepper van *Idees vol vrees*, wat vinnig die gewildste Afrikaanse spotprentreeks in die wêreld geword het.

This book is a collection of Afrikaans idioms by the creator of *Idees vol Vrees*, Kobus Galloway. It contains 150 idioms, each illustrated with a funny full-page caricature, as well as a short explanation of the meaning of each idiom. Furthermore, there is a list with hundreds more idioms and explanations at the back of the book. Kobus Galloway is the creator of *Idees vol vrees*, which quickly became the most popular Afrikaans caricature series in the world.



Hallo, hekel



Anisa du Plessis, Cornel Strydom & Elsbeth Eksteen 120 min Afr R20 (alle materiaal voorsien deur NB-uitgewers) ATKV-Boeke-Oase (Tent) 22 Jul 11:00

Hallo, Hekel is 'n hekelboek soos min, waar 'n enkele patroon geneem word en op vier verskillende maniere vertolk word na gelang van jou styl – hetsy boheems, kunstig, klassiek of romanties. Patrone, wat wissel in moeilikhedsgraad, sluit mooigoed vir jouself, jou huis, kinders en as geskenke in.

What is a producer? Do I need one? Can I do without one? How do I find one? No matter what stage your arts career is at, if you want to share your work with an audience, you'll need some producing skills in your team. In this workshop, led by Kath Melbourne, we'll discuss producing everything from your first show to your first international tour. Questions and interaction encouraged. Kath Melbourne is an Australian arts executive who has led multi art festivals (including CEO of Melbourne Fringe), innovative government initiatives and produced large scale dance, circus and theatre productions in Australia, Asia and Europe.

SA Portrait Society Beginner Workshop

+/- 180 min Adults: R320 (without material package) - R420 (with material package)
Kids: R120 (without material package) – R200 (With material package)
vrynge farm (Room Nr 3) Kinders / Kids: 21 Jul 11:30; Volwassenes / Adults: 22 Jul 09:00

- Portretskets-werkswinkel vir volwasse beginners (werk van lewende modelle)
- Portretskets-werkswinkel vir kinders, ouderdomme 10+
- Portrait drawing workshop for adult beginners (working from life models)
- Portrait drawing workshop for kids, ages 10+



vrynge

VROST: Vrystaat Open Studio Tour

Louis Krüger 16 Jul Toer / Tour 09:00 - 17:00,
Werkswinkel / Workshop 11:00 - 13:00 Verskeie / Various
Toer op jou eie / Tour on own: R20
In diepte toer, maaltyd ingesluit / In depth tour, meal included: R250
Werkswinkel / Workshop: R200

Vrost behels 'n toer deur die ateljees van kunstenaars in Bloemfontein. Anders as by 'n kunsgallery bied hierdie toer direkte interaksie tussen die kunstenaar en die toeskouer in die persoonlike omgewing van 'n ateljee. Dit bied die geleentheid om te sien wat agter die skerms gebeur en om werke direk van die skepper te koop. Met behulp van die kaart (ook beskikbaar aanlyn) kan enigiemand die roete volg op hul eie tyd en volgorde. Daar is ook begeleide toere met 'n bus en selfs een wat 'n heerlike ete insluit. Die publiek kan ook self kunstenaar speel deur deel te neem aan 'n werkswinkel by keramiekkunstenaar Dina Grobler se ateljee. Versnaperings sal te koop wees by verskeie ateljees om die kunstenaars te bedank vir hul gasvryheid.

Vrost entails a tour through the studios of artists in Bloemfontein. In contrast to an art gallery, this tour offers a direct interaction between the artist and the viewer in the personal environment of a studio. It offers an opportunity to see what happens behind the scenes and to acquire works directly from the creator. With the map as guide (also available online) anyone can explore the route in their own time and order. There are also guided tours on a bus and even one that includes a delicious meal. The public can also put on their artist hat by participating in a workshop held at ceramicist Dina Grobler's studio. Snacks and beverages will be sold at various studios to thank the artists for their hospitality.

UV Hoofkampus, Mabaleng Gebou, Departement van Beeldende Kunste / UFS Main Campus, Mabaleng Building, Department of Fine Arts

Janine Allen: skilderkuns, performance kuns, interaktiewe en digitale kuns (senior dosent by UV, reeks solo en groepsuitstallings)

Jaco Spies: digitale en videokuns (senior dosent by UV, reeks solo en groepsuitstallings)

Johandi du Plessis: beeldhou en versamelkuns, reeks groepsuitstallings (junior dosent en MA student by UV)

Lyrene Kühn: digitale en tekenkuns (MA student by UV, reeks groepsuitstallings)

Coalesstraat 8 / 8 Coales street, Hospitaalpark:

Elrie Joubert: skets en versamelkuns (2012 Absa L'atelier wenner / winner)

Toni Pretorius: beeldhou en keramiekkuns (2016 Phatshoane Henney New Breed wenner / winner)

Motho TVET Kollege hoek van St George- en Aliwalstraat / Motheo TVET College corner of St George and Aliwal streets

Marius Janse van Vuuren: beeldhou en interaktiewe kuns (senior dosent by Motheo TVET College)

Victor Geduld: skilderkuns, still life and wildlife (2007 Shoprite Strokes Of Genius wenner, en finalis in Absa L'atelier, Sasol New Signature, Sanlam Portrait Awards)

Joey Baartman: skilderkuns (verskeidenheid groepsuitstallings onder andere by die Macufe Kunstfees en Gallery on Leiseur)

Africa Studios - Peetlaan 32 / 32 Peet avenue, Middestad:

Bongani Ndlovu: fotografie

Lihlumelo Toyana: fotografie

Fischerstraat 6A / 6A Fischer street, Waverley:

Dina Grobler: teken, grafies en keramiekkuns (Finalis van Phatshoane Henney New Breed 2016 en gesoute beeldhou en tekenkuns onderwyseres)

Pauline Gutter: skilder, teken en grafiese drukkuns (Absa L'atelier wenner 2013, Helgaard Steyn Wenner)

Amsterdamstraat 9 / 9 Amsterdam street, Noordhoek:

Muga Muga Handmades: gewilde arts and crafts onderneming, eienaar: Marjorie Human

vrynge



Line-up

Afri-Folk
17 Jul 20:00,
19 Jul 14:00,
20 Jul 17:00
R90



Sneeubal Musiek
19 Jul 17:00
R100



Andra
19 Jul 20:00
R100



Tess
20 Jul 14:00
R80



Lost & Found
20 Jul 20:00
R90



VROST-roete / route





Ons produksie is nie op die
verhoog nie...

...maar eerder op papier.



Dedicated to Excellence

quotes@saprintgroup.co.za | 086 1000 730 | www.saprintgroup.co.za

Vrystaat Kuns en Gesondheid

Free State Arts and Health

Tsa Botjhaba Le Tsa Bopela Freistata



Wie is ons / About us

Vrystaat Kuns & Gesondheid is 'n baanbrekers-inisiatief wat in sentraal Suid-Afrika bedryf word. Ons ondersteun en ontwerp gemeenskaps-gesentreerde bemiddeling deur kuns-werkers met die doel om die gesondheid en welvaart van die gemeenskappe waarvoor ons werk, positief te beïnvloed. Deur die kunste te gebruik, betrek die projek gemeenskappe in kuns praktyle en projekte wat sleutel gesondheids aspirasies aanspreek, met die verstandhouding dat goeie gesondheid noodsaklik is om samebindende gemeenskappe te skep.

Hierdie inisiatief spreek die nood vir verhoogde samewerking tussen die kunste en die gesondheids gemeenskappe van die Vrystaat aan deur kulturele praktisyne wat belangstel om gemeenskaps welsyn te verbind met vaardighede, netwerke en spreekbuse om saam te werk oor dringende gesondheids sake. Sodoende, strewe die Vrystaat Kuns & Gesondheid om gemeenskappe te mobiliseer om die standaarde van hul gesamentlike gesondheid te verhoog, om die groei van lewende, mede-voortspruitende vorme van kuns- en kulturele uitbeelding in Afrika te stimuleer, en nuwe gehore en modelle van samewerking te bou vir geproduseerde werke.

Begelei deur die waardes van gemeenskaps agentskap en outonomie, streef ons daarna om op die voorpunt van gemeenskaps geleide betrokkenheid te wees wat selfstandigheid en volhoubare welvaart bevorder. Met die klem op meetbare uitkomste bemiddel ons ruimtes vir betekenisvolle besinning en bespreking rondom gesondheid en hulp vir die skepping van strategieë om hul aan te spreek.

Vrystaat Kuns & Gesondheid is 'n bilaterale inisiatief van die Vrystaat Kunstfees en DADAA (Australië), ondersteun deur die Australia Council for the Arts en die Andrew W. Mellon Foundation deur die Program vir Innovering en Kunsvormontwikkeling (PIKO), 'n inisiatief van die Vrystaat Kunstfees.

The Free State Arts & Health is a pioneering Arts and Health initiative operating in central South Africa. We support and design community-centred intermediations by arts-workers with the aim of positively impacting the health and well-being of the communities we work for. Using the arts, the project engages communities in arts practices and projects that address key health aspirations, understanding that good health is imperative in the creation of cohesive societies.

This initiative addresses the need for increased collaboration between the arts and the health communities of the Free State by connecting cultural practitioners interested in community well-being with skills, networks and platforms to engage with pressing health issues. In doing so, the Free State Arts & Health endeavours to mobilise communities to raise the bar on their collective health, stimulate the growth of vibrant, convergent forms of artistic and cultural expression in Africa, and build new audiences and models of participation for works produced.

Guided by the values of community agency and autonomy, we strive to be at the forefront of community-led engagement that promotes self-reliance and sustained well-being. With an emphasis on measurable outcomes, we facilitate spaces for meaningful reflection and dialogue around health and aid in the creation of strategies to address them.

The Free State Arts & Health is a bi-lateral initiative of the Free State Arts Festival, and DADAA (Australia) supported by the Australia Council for the Arts and The Andrew W. Mellon Foundation through the Programme for Innovation in Artform Development (PIAD), an initiative of the Free State Arts Festival and the University of the Free State.

Ontwikkeling, oordrag van vaardighede en samewerking

Development, skills transfer and collaboration

In antwoord op die behoefte aan groter verbondenhed tussen pogings, organisasies, individue, belanghebbendes, praktisyne en die gesondheid gemeenskap, belê die Vrystaat Kuns & Gesondheid daarin om skakeling te skep om die praktyk deur vennootskaps netwerke te ondersteun. Die strategie om dit aan te spreek is deur die eerste Kuns & Gesondheid Beraad opgestel in Januarie 2017, waar afgevaardigdes 'n aksie plan opgestel het wat uiteenlopende praktyke inskakel in 'n poging om bespreking en samewerking te bevorder.

Na afloop van besprekings is die eerste nasionale Kuns & Gesondheid nuusbrief tot stand gebring. Hierdie nuusbrief dien as platform vir kunstenaars, praktisyne, navorsers, skrywers en organisasies wie se aktiwiteite oorvleuel met kuns en gesondheid.

As houer vir kritiese besinning oor kunste en gesondheid in Suid-Afrika, bedryf die Vrystaat Kuns & Gesondheid 'n e-groep vir belanghebbendes en sal sy Januarie beraad met 'n mini-beraad tydens die Vrystaat Kunstfees aanvul. Verder het hul 'n Spesiale Belangegroep begin onder die Publieke Gesondheids Vereniging van Suid-Afrika (Public Health Association of South Africa), onder voorsitterskap van die Vrystaat Kuns & Gesondheid bestuurder, MC Roodt.

In response to the need for greater connectivity amongst endeavours, organisations, individuals, stakeholders, practitioners and the health community, Free State Arts & Health invests in creating linkages to support the practice through partnership networks. The strategy to address this had been set by the first Arts & Health Summit held in January 2017, where delegates drafted an action plan that links disparate practices in an attempt to foster dialogue and collaboration.

Transpiring from talks, the first national Arts & Health newsletter was born. This newsletter serves as a platform for artists, practitioners, researchers, writers and organizations whose activity fall in the overlap between arts and health.

As a container for critical reflection on arts and health in South Africa, Free State Arts & Health runs an e-group for stakeholders and will supplement its January summit with a mini-summit during the Vrystaat Arts Festival. Furthermore, it has initiated a Special Interest Group under the Public Health Association of South Africa, chaired by the Free State Arts & Health manager, MC Roodt.



Free State Arts & Health Mini-summit Delegates 2017

Ons kom vanaf ons stories / We Come From Our Stories

Platfontein is die tuiste van die !Xun en Khwe mense, eerste nasie inwoners uit Suider-Afrika wat na 'n pynlike geskiedenis van verplasing en kulturele vervoerding van regte hier gevestig is. Die leiers van hierdie nasies bly sonder erkenning deur regering strukture en word daarom die kulturele en ekonomiese agentskap ontneem wat aan ander stamme van Suid-Afrika toegestaan word. Daarom bly hierdie gemeenskap op die grense van die demokratiese Suid-Afrika, met min ondersteuning in hul soek na selfbeskikking, en sukkel hulle om vrede te maak met hulle ontwrigte verlede – 'n verlede wat hul ryk herkoms, taal en gebruik onderdruk het.

Vrystaat Kuns & Gesondheid het die Platfontein Drukkers-Projek begin in venootskap met die William Humphreys Kunsgallery in Kimberley, om by te dra tot die herlewing van stam trots. Deur middel van 'n drukkuns projek was jong kunstenaars die gellentheid gegee om op te tree as 'n agent wat die besprekking tussen generasies bevorder. Die vennote verskaf bemiddeling, hulpbronnes, produksie-, tegniese- en administratiewe ondersteuning om linosnee drukke deur jong kunstenaars van Platfontein te produseer.

Platfontein is the residence of the !Xun and Khwe people, first-nation inhabitants from Southern Africa who have settled here after a painful history of displacement and cultural disenfranchisement. The leaders of these nations remain unrecognised by governing structures and therefore are denied the cultural and economic agency afforded to other tribes of South Africa. Thus this community remains on the borders of the democratic South Africa, under-supported in their quest for self-determination, struggling to come to terms with their dislocated past; a past that has euthanised their rich heritage, language and customs.

Free State Arts & Health initiated the Platfontein Print Project, in partnership with the William Humphreys Art Gallery in Kimberley, to contribute to the revival of tribal pride and agency through a print project that fosters intergenerational dialogue. The partners provided facilitation, resources, production-, technical, and administrative support to produce linocut editions by young artists from Platfontein.

Parallel aan pandemie / Parallel to Pandemic



Secrete

Om verder te bou op die program se ondersteuning van plaaslike letterkundige talent deur middel van projekte soos #WrapItUp, was *Secrete* 'n poësie byeenkoms wat deur die Vrystaat Kuns & Gesondheid aangebied is. Inwoners van Bloemfontein wat gesproke woord digters is, moes reageer op kwessies wat verwant is aan gemeenskaps gesondheid, deur digkuns.

Building on the programme's support of local literary talent through projects like #WrapItUp, Secrete, was a slam poetry event hosted by the Free State Arts & Health. Bloemfontein resident spoken word poets were tasked to respond to issues pertaining to community health through poetry.

In die gees van voortdurende solidariteit met die geveg teen MIV/VIGS, het agt ontluikende kunstenaars kunswerke gemaak wat 'n inligting- en kondoom verspreidings veldtog verteenwoordig tydens die Vrystaat Kunstefees. Vir hierdie projek moes kunstenaars kunswerke skep om die verskillende fasette van die psigo-sociale implikasies van aktualisering as Afrikane parallel to pandemie aan te spreek. Die projek verhoog die deelname van kunstenaars in die gesondheidsgemeenskap van die Vrystaat deur die agenda van publieke gesondheid te ondersteun. Die projek word deur die Vrystaat Kuns & Gesondheid aangebied in venootskap met die Program vir Innovasie in Kunsvormontwikkeling (PIKO).

In the spirit of continued solidarity in the fight against HIV/AIDS, eight emerging artists have produced artworks that front an information and condom distribution campaign during the Vrystaat Arts Festival. For the project artists have produced artworks that speak to the multi-layered psychosocial implications of actualising as Africans parallel to pandemic. The project increases the participation of artists in the health community of the Free State through supporting the agenda of public health. The project is presented by Free State Arts & Health in partnership with the Programme for Innovation in Artform Development (PIAD).

Wat voorlê in 2017... More to come for 2017...

Gemeenskaps Land-kunstuin / Community Land-art Garden

In venootskap met die Program vir Innovasie in Kunsvormontwikkeling (PIKO) en omgewings volhoubaarheid belanghebbendes, sal 'n permakultuur gemeenskapstuin gedurende September 2017 in die Vrystaat verbou word. Hierdie projek gee ons die geleentheid om volhoubare voedselsekuriteitsvaardighede wat aangepas is by die plaaslike omgewing, oor te dra. Deur mede skepping en verbouing sal die plek dien as 'n plek vir gemeenskapslede en 'n verkoese kunstenaar om 'n landskuns gemeenskapstuin te konseptualiseer wat geaktiveer sal word deur betrokke gespreksvoering oor die verhouding tussen dieet en gesondheid.

Partnering with the Programme for Innovation and Artform Development (PIAD) and environmental sustainability stakeholders; a permaculture community garden will be cultivated in the Free State during September 2017. This project affords us the opportunity to transfer subsistence food security skills that is tailored to the local environment. Through co-creation and cultivation, the site will serve as a site for community members and a selected artist to conceptualise a land art-community garden that will be activated with engaged dialogue about the relationship between diet and health.

SexTalk H +

MIV/VIGS is soveel 'n sosiale toestand as wat dit 'n biologiese realiteit is binne ons gemeenskappe. Nosana Sondiyazi sal die sosiale impak en identiteits-verskuwing na iemand positief toets, aanspreek. Sondiyazi is 'n projekbestuurder, kunsfasiliteerde, blogger, geselsprogram aanbieder, digitale kunstenaar en direkteur van PHYSICALDIVINE. Sondiyazi het die gewilde geselsprogram formaat, SexTalk, gekonseptualiseer.

HIV/AIDS is as much a social condition as it is a biological reality within our communities. Nosana Sondiyazi will be addressing the social impact and identity shifts after testing positive. Sondiyazi is a project manager, arts facilitator, blogger, talk show host, digital artist & director of PHYSICALDIVINE. Sondiyazi has conceptualised the popular talk-show format, SexTalk.

Nosana Sondiyazi, 2017

PACE

Pan-African Creative Exchange

An Interdisciplinary (Performing) Arts Provocation

Proudly Initiated by



KUNSTEFEES · ARTS FESTIVAL · TSA-BOTJHABA

Direkteure / Directors: Nike Jonah, Erwin Maas, Ricardo Peach

Ambassadeurs / Ambassadors: Annabell Lebethe, Cornelia Faasen, Gwendolyn Tietze, Jerry Mofokeng, Ismail Mohammed, Isobel Hawson, Rosemary Mangope, Sarah Gardner, Thoko Nogabe

PACE 2017 Voorsmaak / Teaser

📍 OFM-Albert Wessels Ouditorium / Auditorium

📅 15 Jul 13:00-17:00, 16 Jul 10:00-17:00

Die PACE 2017 Voorsmaak is gratis, maar kaartjies moet gekoop word vir die Sondagvertonings van *Born around here* en *Morwa: The Rising Son*.

The PACE 2017 Teaser is free, but tickets must be purchased for the Sunday performances of Born Around Here and Morwa: The Rising Son.

Born Around Here, kykNET-Rep, 16 Jul 11:00, R100, (p 19)

Morwa: The Rising Son, kykNET-Scaena, 16 Jul 20:30, R100, (p 23)



Lhola Amira,
Okada - Cocoa Butter, 2017,
Gicleé print on
Hahnemühle,
PhotoRag
Baryta,
100 x 150 cm
Image Courtesy
of SMAC
Gallery,
All Credit to
the Artist.

Hierdie geleentheid is die voorloper van 'n groter projek van die Vrystaat Kunsteefes, in samewerking met die National Arts Council of South Africa. Die PACE 2017 Voorsmaak is 'n tweedaagse onderzoek van interdissiplinêre kuns in Afrika. Dit skep ook 'n platform waar werk uit Afrika aan nasionale sowel as internasionale vervaardigers, kunstenaars, aankopers, aanbieders en die breër publiek blootgestel kan word.

Die PACE 2017 Voorsmaak behels (onder meer) Saterdag-werkssessies deur internasionale deskundiges oor befondsing vir projekte en internasionale kunsafrieling (Gwendolyn Tietze); voorlegging en skakeling (Nike Jonah); werkssessie-standpunte en interdissiplinêre kuns (Erwin Maas). Op die Sondag behels die program 'n Speed-dating voorleggingsessie en 'n LangTafel PACE-bespreking.

PACE se doel is wêreldwyre blootstelling van interdissiplinêre kunsbedrywe in Afrika; die ontwikkeling van werk van hier; en om by te dra tot 'n nuwe internasionale diskosers oor kuns in Afrika.

Nog een van PACE se doelwitte is om permanente verbintenisse te skep tussen die kreatiewe en kulturele bedrywe in Afrika, en internasionale vennote. Dit bevorder ook geleenthede wat fokus op die groot waarde van kreatiwiteit in Afrika.

Kunstenaars en kulturele praktisyens van verskeie Afrikalande sal vanjaar die Vrystaat Kunsteefes en PACE 2017 Voorsmaak bywoon. Dié lande is Botswana, Lesotho, Namibië, Negerië, Zambia en Zimbabwe. Ons verwelkom ook gaste van Australië, België, Kanada, Frankryk, Iran, Italië, Nederland, Romenië, Brittanje en Amerika.

Die PACE 2017 Voorsmaak is 'n ontwikkelingsgeleentheid en netwerksessie wat nie moet misgeloop word nie.

This event is a precursor to a larger project the Vrystaat Arts Festival is working on, in partnership with the National Arts Council of South Africa. The PACE 2017 Teaser is a two day provocation for the interdisciplinary arts in Africa, and a platform to showcase work to national and international presenters, producers, buyers, artists and the general public.

The PACE 2017 Teaser will include (amongst others) Saturday workshops with international experts on fundraising and international arts coaching (Gwendolyn Tietze); pitching and networking (Nike Jonah); and workshop viewpoints & interdisciplinary work (Erwin Maas). On the Sunday the program will include a Speed-dating Pitching session and a Long Table PACE discussion.

The aim of PACE is to increase the global reach of the interdisciplinary arts industries in Africa; to contribute to the development of future work from the continent; and to make a contribution to the shaping of a new international discourse regarding work made on the African continent.

PACE aims to forge connections between the growing creative and cultural industries in Africa and international partners worldwide, and reinforce a world class business-to-business event that reflects the wider, global cultural significance of the creativity of Africa.

Artists and cultural workers from a range of African countries are attending the Vrystaat Arts Festival and PACE 2017 Teaser, including from Botswana, Lesotho, Namibia, Nigeria, Zambia and Zimbabwe. We also welcome a number of international guests from Australia, Belgium, Canada, France, Iran, Italy, the Netherlands, Nigeria, Romania, the UK and the US.

The PACE 2017 Teaser is a networking and development opportunity not to be missed.

Mangaung Art Fair 2017 Bekendstelling in vennootskap met PACE/ Launch in partnership with PACE

Curators: Mpho Khomari and Palesa Motsumi ₩ R150 per person

📍 120 Klerck Avenue Guesthouse in Bloemfontein 🗓 15 Jul 17:00 – 22:00

Van 28 tot 30 September 2017 gaan die Mangaung Art Fair Bloemfontein op horings neem. Dit skep 'n toonvenster vir plaaslike en internasionale interdissiplinêre kunsvorms - van visuele kuns tot kulinêre skeppings – en bied 'n bekendstellingsplatform vir plaaslike kunstenaars. Al die kulture en tale in die Vrystaat sal hier tuiskom. Mangaung Art Fair 2017 sal die verlede en die hedendaagse Suid-Afrikaanse kunstoneel hier saamsnoer en dit 'n integrale deel maak van Bloemfontein se sosiale lewe. Kunsbeskermhere en praktisyens word vriendelik uitgenooi om die bekendstelling by te woon, wat voedsel en drank insluit, asook 'n veiling van plaaslike kunswerke.

Om op Mangaung Art Fair 2017 uit te stal of die bekendstelling by te woon, kontak die kurators Khomari (mpho.k979@gmail.com) of Palesa Motsumi (palesa@sematsatsalibrary.co.za).



Justin Kaoma (one of the participating artists at MAF2017),
Earth Woman, 594 x 420mm

From the 28th to the 30th September 2017, Bloemfontein will come alive with possibilities through the inaugural Mangaung Art Fair. This platform will be an artist-centred exhibition and showcase of local and international interdisciplinary artforms ranging from visual to food art. With Bloemfontein in the heart of South Africa, this showcase will endeavour to represent the many cultures and languages that have descended on the Free State. Mangaung Art Fair 2017 will fuse the historical narratives present in this city as well as the contemporary South African art scene. A first of many, this event will become an integral social occasion each year in Bloemfontein. All art patrons and practitioners are invited to join us for a night full of festivities, food and drinks, and an auction of local artists' work.

To exhibit at the Mangaung Art Fair 2017 or attend the launch, please contact the curators Mpho Khomari (mpho.k979@gmail.com) or Palesa Motsumi (palesa@sematsatsalibrary.co.za).

PIKO/PIAD

Die Program vir Innovering en Kunsvormontwikkeling / *The Programme for Innovation in Artform Development*

Ontwikkel deur/Initiated by



vrystaat
KUNSTFEES
ARTS FESTIVAL
TSA-BOTJHABA



UFS-UV
UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNISITHI YA FREESTATA

Direkteure / Directors: Angela de Jesus, Ricardo Peach | Koördineerder / Co-ordinator: Bongani Njalo

Transformering deur kunsinnovering / Transformation through art innovation



It's My City 2016. Photos by Xany Jansen van Vuuren

Die Program vir Innovering en Kunsvormontwikkeling (PIKO) is 'n projek wat deur die Vrystaat Kunstfees en die Universiteit van die Vrystaat ontwikkel is en milderlik deur die Andrew W. Mellon-stigting gesteun word.

PIKO is 'n ontwikkelingsprogram wat bepaal hoe tegnologie, interdissiplinêre en eksperimentele kunste met gemeenskappe verbind kan word sodat dit 'n positiewe impak op hulle kan hê. PIKO is in 2014 van stapel gestuur in reaksie op data wat toon dat die kreatiewe industrieë in Afrika minder as 1% tot die wêreldeproduksie bydra.

Aangesien groter toegang tot en deelname aan kultuur kan lei tot 'n verbetering in die ontwikkeling van die mens, fokus PIKO op die ondersteuning van kruiskulturele, eksperimentele kunsprogramme wat die Suid-Afrikaanse gemeenskap kreatief kan transformeer. Om dit te bewerkstellig werk PIKO saam met verskeie Suid-Afrikaanse en internasionale kunstenaars aan die ontwikkeling van 'n suksesvolle program.

PIKO koester vernuwing in kunsontwikkeling in Suid-Afrika deur die ontwikkeling, aanbieding en bevordering van kunsprojekte, insluitend 'n reeks Eerste Nasies-projekte; kritiese debatte en forums; kuns/wetenskapnavorsing en interdissiplinêre kunstenaarsverblyfprogramme; interdissiplinêre kunslaboratoriums vir skeppende praktisys; die produksie en aanbieding van uitdagende nuwe werk in die kunste.

The Programme for Innovation in Artform Development (PIAD) is an initiative of the Vrystaat Arts Festival and the University of the Free State, generously supported by The Andrew W. Mellon Foundation.

PIAD is an arts development program focusing on how technology, interdisciplinary and experimental arts can connect with and impact on communities. PIAD was launched in 2014 in response to data indicating that the creative industries in Africa contribute less than 1% to global output.

As increased access to and participation in culture can be linked to an increase in human development, the PIAD focuses on supporting cross-cultural, experimental art programs that can creatively transform South African society. For this process the PIAD works with several South African and international artists to develop a mutually beneficial programme of engagement.

PIAD fosters innovation in artform development in South Africa through the development, presentation and promotion of art projects, including a series of First Nations projects; critical debates/forums; arts/science research and interdisciplinary artist residencies; interdisciplinary arts laboratories for creative practitioners; and the production and presentation of challenging new work.

Eerste Nasies-projek / First Nations Project

First Nations Colloquium, Wildebeestkuil, Platfontein, 2016



Die Eerste Nasies-projek sluit in 'n jaarlike vergadering en kreatieve kunslaboratorium wat 'n samespreking van Eerste Nasies-persone, insluitend Suid-Afrikaanse, Australiese, Maori en Amerikaanse kunstbestuurders, regisseurs, skrywers en eksperimentele kunstenaars bymekaar bring. Die doel van die projek is om kruiskulturele en internasionale samewerking tussen Eerste Nasies-volke en/of kreatiewe werke deur Eerste Nasies te bevorder.

Dit skep die geleentheid om navorsing / projekte / modelle te deel. Die projek verbeeld ook 'n toekoms waar kreatiewe werk op kulturele en artistieke platforms in Suid-Afrika, soos die Vrystaat Kunstfees, asook in die buiteland aangebied kan word.

The First Nations project involves an annual colloquium and creative arts lab which brings together a gathering of First Nations peoples, including South African, Australian, Maori and American arts managers, directors, writers and experimental artists with the aim of fostering cross-cultural and international collaborations between First Nations peoples and/or First Nations creative work.

The project provides an opportunity to share existing research/projects/models and to imagine a future of creative works that can be presented at cultural and artistic platforms in South Africa, such as the Vrystaat Art Festival, and abroad.



Kuns / wetenskapnavorsing en interdissiplinêre kunsteverblyfprogram / Art/Science & Interdisciplinary Residencies

Die PIKO Kuns / Wetenskapnavorsing en Interdissiplinêre Kunsteverblyfprogram faciliteer verskeie verblyfprogramme aan die Universiteit van die Vrystaat met die oogmerk om innoverende en interdissiplinêre navorsing in Suid-Afrika te bevorder. Die fokus is op die ontwikkeling van interdissiplinêre werk binne die Kunste en Natuur- en Mediese Wetenskappe wat sosiale uitdagings hanteer en innoverende kuns en nuwe navorsingsmetodologieë aanwakker. In 2017 bied PIKO Seven Stage Futures deur Keith Armstrong en Anita Venter aan in samewerking met Qala Pheleng Tala en 'veranderingsagente' in die gemeenskap.

The PIAD Art/Science Research and Interdisciplinary Artist Residencies facilitates several artist residencies at the University of the Free State to nurture innovative artwork and interdisciplinary research in South Africa. The focus is to create interdisciplinary work within the Arts, Science and Health that address social challenges and stimulate innovative art and new research methodologies. In 2017 PIAD presents Seven Stage Futures by Keith Armstrong and Anita Venter in collaboration with Qala Pheleng Tala and community 'change agents'.

pvi collective, transformer, Vrystaat Arts Festival, 2016
Photo: Lihlumelo Toyana



OPENLab

OPENLab is nasionale kunstenaarslaboratorium vir vroeë en redelik gevorderde kreatiewe praktisyne wat belangstel om kuns in die openbare sfeer te maak. OPENLab is 'n oop en intensieve verblyfprogram-platform gemik op die ontwikkeling van nuwe strategieë en idees vir terrein-spesifieke, eksperimentele, en interdissiplinêre prakteke. In 2017 bied PIKO terrein-spesifieke werk op die Vrystaat Kunstefees aan deur alumni van OPENLab 2016, insluitend nuwe werke deur Wezile Mgibe, Lhola Amira, Ella Ziegler, Karin Tan en Skye Quadling.

OPENLab is a national artist laboratory for early and mid-career creative practitioners interested in making art in the public realm. OPENLab is an open and intensive residency platform aimed to generate new strategies and ideas in site specific, experimental and interdisciplinary practice. In 2017 PIAD presents site specific work at the Vrystaat Art Festival by alumni of OPENLab 2016, including new work by Wezile Mgibe, Lhola Amira, Ella Ziegler, Karin Tan and Skye Quadling.

OPENLab 2016, MAPSA Richmond, Northern Cape



Nuwe eksperimentele werk / New experimental work

PIKO gee elke jaar aan nasionale en internasionale kunstenaars opdrag om nuwe eksperimentele kuns te skep wat as die hoofprojek van die Vrystaat Kunstefees aangebied word. Werke soos Cigdem Aydemir se *Plastic Histories*, Lesiba Mabitsela se *The Man in the Green Blanket*, Jess Oliveri se *The White Horse Project* en die grootskaalse *It's My City / Dis my stad* is voorbeeld van dié kuns wat in PIKO se kunstenaarslaboratoriums, werkessies en kritiese debate ontwikkel is. In 2017 bied PIKO *Onesie World* deur Adele Varcoe in samewerking met Bloemfonteinse mode- en kunsstudente aan.

PIAD commissions new, experimental work from both national and international artists which is presented each year as signature projects of the Vrystaat Art Festival. Works such as Cigdem Aydemir's Plastic Histories, Lesiba Mabitsela's The Man in the Green Blanket, Jess Oliveri's The White Horse Project, and the large-scale 2016 public artwork It's My City are examples of how PIAD supports the presentation of new work that have been generated from its artist's laboratories, workshops and critical forums. In 2017 PIAD presents Onesie World by Adele Varcoe in collaboration with fashion and art students in Bloemfontein.

Jess Oliveri & Parachutes for Ladies,
The White Horse Project, 2015. Photo by Kobus Robbertze



PIKO-forum 2017 / PIAD Forum 2017

Komplekse Kruisings: Grensoorbruggende skakels tussen die Kunste en Wetenskap
Complex Intersections: Transdisciplinary Engagements across the Arts and Sciences



Planetarium, Naval Hill



20 Jul 10:00 – 13:00

PIKO bied met trots sy hoofspreekter vir 2017 aan: Prof. JoAnn Kuchera-Morin, direkteur van die AlloSphere-navorsingsgroep by die Kalifornië NanoSystems Institute aan die Universiteit van Kalifornië, Santa Barbara.

PIAD is proud to present Professor JoAnn Kuchera-Morin, Director of the AlloSphere Research Group at the California NanoSystems Institute at the University of California, Santa Barbara as our keynote speaker for 2017.

Die AlloSphere is 'n unieke immersieve toestel wat die hoogtepunt is van Kuchera-Morin se 30 jaar lange navorsing. Dit bestaan uit 'n kubus wat drie verdiepings hoog is en uitgerus is met klank-absorberende materiaal wat dit een van die grootste byna eggolose kamers in die wêreld maak. Die toestel word onderskei van gebruiklike virtuele realiteit-omgewings deur sy naatlose uitsig van 360 grade, die vermoë om 30 of selfs meer persone gelyktydig in die gedeelde virtuele wêreld te huisves, asook 'n fokus op veelvuldige sensoriese modaliteite en interaksies.

The AlloSphere is a one-of-a-kind immersive instrument that is the culmination of 30 years of Professor Kuchera-Morin's research. The instrument consists of a 3-story cube with extensive sound absorption material making it one of the largest near-to-anechoic chambers in the world. It is differentiated from conventional virtual reality environments by its seamless surround-view capabilities, ability to accommodate 30 or more people simultaneously in a shared virtual world, and its focus on multiple sensory modalities and interaction.

Kuchera-Morin se aanbieding sal fokus op die wyse waarop wetenskap gekombineer met gevorderde kunste hulp aan ons kan verleen om die enorme hoeveelhede inligting te verstaan wat navorsing genereer deur, wat sy noem, "tyd-ruimtelike dataskipping en data-ontgunning in ensemble-styl".

Her presentation will focus on how pushing hard science with advanced art can assist us in understanding the large amounts of data generated by research through what she terms 'spatiotemporal data creation and ensemble style data mining'.

Haar lesing word gevolg deur 'n paneelbespreking bestaande uit nasionale en internasionale denkers insluitend Rosemary Mangope, uitvoerende hoof van die National Arts Council of South Africa, dr. Keith Armstrong, mede-direkteur van die Creative Lab, Queensland Universiteit van Tegnologie, en Marcus Neustetter, bekende Suid-Afrikaanse transdissiplinêre kunstenaar.

Her keynote will be followed by a panel discussion of national and international cultural thinkers including Rosemary Mangope, CEO National Arts Council of South Africa, Dr Keith Armstrong, Associate Director, Creative Lab, Queensland University of Technology and Marcus Neustetter, well-known South African transdisciplinary artist.

The Allosphere, *Probably/Possibly?*, JoAnne Kuchera-Morin, 2017



Feesinisiatiewe / Festival Initiatives

Venootskap / Partnership: SITUATE Art in Festivals



SITUATE Art in Festivals is 'n Australiese program wat belowende kunstenaars vroeg in hul loopbaan help om nuwe eksperimentele kunswerke vir diverse feesomgewings te skep. SITUATE Art in Festivals gee kreatiewe kandidate kans om te waag, grootskaalse werk te skep, hul praktyk uit te brei en kontak te maak met gehore op verskeie feeste. Die Vrystaat Kunstfees is die enigste internasionale feesvenoot van SITUATE Art in Festivals en 'n trots ondersteuner van innoverende werk en kulturele uitruiling, soos *Plastiekgeskiedenis* en die *Wit Perd*-projek. In 2016 het die Suid-Afrikaanse PIKO-alumni Sethembile Msezane die SITUATE Art in Festivals se laboratorium in Tasmanië bygewoon.

SITUATE Art in Festivals is an Australian program designed to support outstanding early-career artists to develop new experimental artworks for diverse festival environments. SITUATE Art in Festivals gives creative practitioners the opportunity to take risks, develop works of scale, expand their practice and connect with audiences across a variety of festivals and sites. The Vrystaat Arts Festival is the only international festival partner of SITUATE Art in Festivals and a proud supporter of the innovative works and cultural exchanges, such as Plastic Histories and the White Horse Project. In 2016, South African PIAD Alumni Sethembile Msezane attended the SITUATE Art in Festivals laboratory in Tasmania.

Venootskap / Partnership: Atelier for Young Festival Managers



Die Atelier for Young Festival Managers is 'n 7-dagse opleidingsprogram wat gemik is op jong kunstfees-bestuurders of mense wat gretig is om betrokke te raak met program-samestellings of verwante afdelings van 'n fees. Die projek brei deelnemers se program-samestellings vaardighede uit, verbreed hul horisonne en ontwikkel nuwe idees onder die professionele leiding van 10 vername feesbestuurders van regoor die wêreld wat hul waardevolle ervaring oordra. Die ateljee fokus op die kern van die feeste: kuns en die kunstenaar. In 2018 tree die Vrystaat Kunstfees in venootskap met die Markteater en Wits Universiteit wat die eerste Atelier for Young Festival Managers in Afrika beplan in samewerking met The Festival Academy. The Festival Academy is 'n inisiatief van die European Festivals Association (EFA). Vir meer inligting, kontak info@TheFestivalAcademy.eu

The Atelier for Young Festival Managers is a 7-day training programme directed at young artistic festival managers or those who aspire to become involved in programming or in programming related departments within a festival. Through the project participants broaden their programming skills, widen their horizons, and develop new ideas under the professional guidance of 10 renowned festival managers from all over the world who share their rich experience. The Atelier focuses on the very essence of festivals: the art and the artist. In 2018 the Vrystaat Arts Festival partners with the Market Theatre and Wits University, who are planning the first Atelier for Young Festival Managers in Africa with The Festival Academy. The Festival Academy is an initiative of the European Festivals Association (EFA). For more information contact info@TheFestivalAcademy.eu

Kunsopvoeding / Arts Learning



Die kunste staan krities teenoor die ontwikkeling van skoliere se eiewaarde, emosionele intelligensie en redenaarsvernu. Kunsgesletterdheid bied nie net geleenthede vir die kultivering van skakels tussen verskillende kunsgenres nie, maar ook tussen die kunste en ander dissiplines. Die digKUNS-projek neem skoolkinders op 'n reis van verskeie benaderings tot kunsskepping deur leerlinge se voorgeskrewe poësie as grondslag vir 'n vernuwende multidissiplinêre kunsondekking te gebruik. Poësie sal dien as vertrekpunt vir verdere ondersoek, deur verskeie kunsvorms, van verwante Suid-Afrikaanse temas, asook persoonlike en ander bepaalde ervarings. Die projek is ontwikkeld deur dr. Stéphanie Brink, Walter Strydom en Mark Antony Dobson. Ondersteun deur ATKV.

The arts are critical for the development of school students' self-worth, emotional intelligence and reasoning skills. Art literacy not only provides opportunities for the cultivation of links between different art genres, but also between the arts and other disciplines. The poARTy project takes school children on a journey through various approaches to art creation by utilising the learners' prescribed poetry as a basis for an innovative multidisciplinary, artistic exploration. Poetry will serve as a starting point for a further investigation, through various art forms, of relevant South African themes, as well as individual, personal and more localized experiences. The project is developed by Dr. Stéphanie Brink, Walter Strydom and Mark Antony Dobson. Supported by ATKV.

Kunstenaars-inwoning / Artist Residency: A.I.R. (Altitude Immersive Radio)



Klank-kunstenaar Julia Drouhin was in Bloemfontein in 2016 om medewerkers en liggings te vind vir 'n nuwe werk getiteld *Altitude Immersive Radio* (A.I.R.). Die projek behels 'n interaktiewe optog met veelvoudige vertikale antennae wat elk 'n "agoradio" skep. Deelnemers dra klein opwen radio-ontvangers wat met koper-gare aan 'n ballon vas is. Die ballone word met koper plakpapier bedek en kan sodoende 'n lewendige uitsending van plaaslike radiostasies opvang en speel. Die inhoud van die uitsending sal deur Drouhin gefasiliteer word en bestaan uit insette van die gemeenskap. A.I.R. is 'n gesamentlike wandel deur die strate van die stad, met mense vanuit verskeie sosio-ekonomiese en kulturele agtergronde, wat eindig met die loslaat van die balonne. Moontlik gemaak deur SITUATEArt in Festivals, Salamanca Arts Centre en die Australia Council for the Arts.

Sound artist Julia Drouhin was in Bloemfontein in 2016 to scope partners and sites for a new work titled Altitude Immersive Radio (A.I.R.). The project consists of a participatory parade with multiple vertical antennae, each converted into an agoradio. Participants carry a small wind up radio receiver attached to a balloon with a copper thread. Wrapped with copper adhesive, the balloons receive live broadcasts from a local radio station. The radio content played is input sourced from the community and curated by Drouhin. A.I.R. is a collective walk through the streets of the city, with people from various socio-economic and cultural backgrounds, ending with a balloon release. Made possible by SITUATEArt in Festivals, Salamanca Arts Centre and the Australia Council for the Arts.

Kunstenaars-inwoning / Artist Residency: The Listening Project - A Community Arts Practice



Die Chileens-Australiese Community Arts and Cultural Development (CACD) kunstenaar Pilar Kasat neem in 2017 inwoning aan in Bloemfontein om 'n gesprek tussen dosente en studente van die Universiteit van die Vrystaat te faciliteer. Die doel van *The Listening Project* is om 'n reeks kreatiewe wisselwerkinge te skep wat op die rol van luister gebasseer is. Binne 'n vasgestelde luister-spasie sal 'n opgeleide CACD-praktisyn elkeen wat die ruimte betree aanmoedig om te 'praat', te 'vertel' en aangehoor te word. Die uiteindelike kunswerk sal inspirasie put uit die rou materiaal en stories wat tydens die 'luister-fase' oorgedra word.

Chilean-Australian Community Arts and Cultural Development (CACD) artist Pilar Kasat will be in residence in 2017 to facilitate a dialogue between lecturers and students at the University of the Free State in Bloemfontein. The key aim of The Listening Project is to design a series of creative engagement activities based around listening. Inside a listening space there will be a skilled CACD practitioner who will encourage each individual who enters the space, to 'talk', to 'tell' and to be listened to. The artwork produced will be inspired by the raw material and stories shared in the 'listening phase'.

Internasionale gaste / International guests

Aaron Carpenè, dirigent, klavesiniste, orrelis, pianis en spesialis in vroeë musiek het 'n unieke weg gebaan in hedendaagse musiekuitvoerings. 'n Besondere kennis van en ervaring in die uitvoering van 17de en 18de euse Europees musiek asook die behoefte om met unieke uitvoerende kunstradisies om te gaan het geleid tot die skepping van die baanbrekende projekte *Opera Bhutan* ('n hoogs aangeskrewe interkulturele uitvoering van Handel se *Acis and Galatea*) en *Japan Orfeo* ('n samevoeging van Monteverdi se eerste opera-meesterstuk en Noh-teater, Nihon Buyo en Gagaku-musiek).

Aaron Carpenè, conductor, harpsichordist, organist, pianist and early music specialist, has forged a unique path in today's music performance panorama. The combination of a profound knowledge and performance experience in 17th and 18th century European music and the desire to interact with some of the world's great and unique performing arts traditions has led to the creation of the pioneering projects Opera Bhutan (a critically acclaimed intercultural operatic performance of Handel's Acis and Galatea) and Japan Orfeo (an integration of Monteverdi's first operatic masterpiece and Noh Theatre, Nihon Buyo and Gagaku music).



Aaron Carpenè

Dr Adele Varcoe is 'n Australiese kunstenaar en ontwerper wat mode-ervarings skep wat die sosiale invloed van mode, kleredrag en klere verken. Sy bring mense bymekaar vir interaktiewe opvoerings wat die ontwykende natuur van mode verken deur mense in 'n situasie te plaas waar hul bewusheid van hulself deur hul kleredrag verhoog word. Tans selfs Adele diep in haar kuns vir 'n PhD van die School of Fashion and Textiles by RMIT Universiteit. Sy gee ook klas en bied werkskole aan by verskeie universiteite en organisasies regoor die wêreld.

